UNIVERSITY OF THE WESTERN CAPE
UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

This book must be returned on or before the last date shown below.

Hierdie boek moet terugbesorg word voor of op die laaste datum hieronder aangegee.

NB: Telephonic renewals only between 19h30 – 22h00 at issue desk 959 2946

LIBRARY - UWC
11 JUL 2006

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

**'N ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS**

**VAN DIE KONSEP "GEMEENSKAP"**

**EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN**

**VIR DEMOKRATIESE OPVOEDING IN SUID-AFRIKA**

**EDWARD MAURICE DAVIS**

'n Mini-Tesis voorgelê ter
gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

**M. Ed.**

in die

**Departement Filosofie van die Opvoeding**
**Universiteit van Wes-Kaapland**

DESEMBER 1991

https://etd.uwc.ac.za

043293H

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

THE

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND
BIBLIOTEEK
370.193 DAV
LIBRARY
UNIVERSITY OF THE WESTERN CAPE

**INHOUDSOPGAWE**


| | | BLADSY NO. |
|---|---|---|
| Abstrak | | i |
| Verklaring | | v |
| Bedanking | | vi |
| **INLEIDING** | | 1 |
| **HOOFSTUK EEN** | **DIE VERBAND WAT HISTORIES TUSSEN "OPVOEDING" EN "GEMEENSKAP" IN SUID-AFRIKA GELê IS** | 5 |
| **HOOFSTUK TWEE** | **DIE MATE WAARTOE DIE NEëNTIENDE-EEUSE KONSEP VAN NASIONALISME DIE RETORIEK RONDOM OPVOEDING AS 'N "EIE SAAK" ONDERLê** | 16 |
| | 2.1 Die neëntiende-eeuse konsep van nasionalisme | 17 |
| | 2.2 Die ontstaan van Afrikaner-nasionalisme | 23 |
| | 2.3 Die neëntiende-eeuse konsep van nasionalisme en die idee van opvoeding as 'n "eie saak" | 30 |
| **HOOFSTUK DRIE** | **GEMEENSKAP IN "PEOPLE'S EDUCATION" EN IN DIE DOMINANTE DISKOERS OMTRENT OPVOEDING IN SUID-AFRIKA** | 36 |
| | 3.1 "Gemeenskap" in die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika | 38 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

| | | |
|---|---|---|
| | 3.2 "Gemeenskap" in "People's Education": uitdaging of spieëlbeeld? | 40 |
| **HOOFSTUK VIER** | **DIE BEDUIDENIS VAN 'N SUID-AFRIKAANSE KONSEP VAN "GEMEENSKAP" TEN OPSIGTE VAN POGINGS OM 'N MEER DEMOKRATIESE OPVOEDING TOTSTAND TE BRING** | **54** |
| | 4.1 Demokratiese Opvoeding | 57 |
| | 4.2 "Gemeenskap" en demokratiese opvoeding | 60 |
| | 4.3 "Gemeenskap" en demokratiese opvoeding in Suid-Afrika: 'n Kritiese beskouing | 62 |
| **HOOFSTUK VYF** | **"GEMEENSKAP" EN "OUTONOMIE"** | **69** |
| | 5.1 "Gemeenskap" en "outonomie" as botsende konsepte | 70 |
| | 5.2 "Gemeenskap": Drie sienings | 72 |
| | 5.3 "Outonomie": Twee sienings | 76 |
| | 5.4 "Gemeenskap" en "outonomie": 'n Kritiese ontleding | 78 |
| **HOOFSTUK SES** | **'N EVALUERING VAN 'N ARGUMENT WAT DIE DEMOKRATIESE ORGANISERING VAN SKOLE VERWERP** | **86** |
| | 6.1 Dunlop se argument | 88 |
| | 6.2 Dunlop se aansprake | 92 |
| | 6.3 Die geldigheid van Dunlop se aansprake | 94 |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

**HOOFSTUK SEWE GEMEENSKAPSBEHEER OOR SKOLE** 102

7.1 Die wenslikheid van gemeenskapsbeheer oor skole 102

7.2 Gemeenskapsbeheer oor skole en demokratiese opvoeding 112

**HOOFSTUK AGT 'N AFRIKA-SIENING VAN "GEMEENSKAP" EN "DEMOKRASIE" EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR OPVOEDING** 118

8.1 'n Afrika-siening van "gemeenskap" 119

8.2 'n Afrika-siening van "demokrasie" 123

8.3 Die implikasies van 'n Afrika-siening van "gemeenskap" en "demokrasie" vir opvoeding 129

**SLOT** 133

**NOTAS** 135

**BIBLIOGRAFIE** 141

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

**ABSTRAK**

**'N ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS VAN DIE KONSEP "GEMEENSKAP" EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR "DEMOKRATIESE OPVOEDING" IN SUID-AFRIKA**

Edward Maurice Davis

M.ED. MINI-TESIS, Departement Filosofie van die Opvoeding, Universiteit van Wes-Kaapland.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In hierdie mini-tesis probeer ek om die aard van die verband tussen, "gemeenskap", "demokrasie" en "opvoeding" in Suid-Afrika te bepaal. Die motivering vir die keuse van hierdie onderwerp spruit uit die algemene gebruik van die term "gemeenskap" deur beide die regering sowel as die polities uitgeslotenes, en feitlik altyd in 'n gunstige sin. Sodanige gebruik maak die konsep problematies en is daar dus die behoefte om dit meer deursigtig te maak ten einde groter helderheid omtrent die gebruik daarvan te verkry. Die belangrikheid van so 'n onderneming blyk veral wanneer die aard van die verband tussen gemeenskap, demokrasie en opvoeding bepaal word. In Suid-Afrika met sy gefragmenteerde bevolking, hoofsaaklik as gevolg van die Apartheidsbeleid van die Suid-Afrikaanse regering, het die

https://etd.uwc.ac.za

polities-uitgeslotenes die regering die stryd aangesê ten einde 'n aandeel te verkry in politieke besluitneming. 'n Deel van hierdie stryd speel in 'n betekenisvolle mate af op die opvoedingsterrein.

Wanneer daar dus 'n ooreenkoms is in die terminologie (vergelyk "gemeenskap") wat deur die staat en opposisie gebruik word, is dit belangrik dat so 'n polities-belaaide konsep soos "gemeenskap" deur veral die opposisie duidelik verstaan word. Hierdie mini-tesis poog ook om aan te toon dat die verband tussen gemeenskap, demokrasie en opvoeding nie staties is nie, maar dat verskillende sienings van die konsep "gemeenskap" moontlik is sodat die aard van die verband tussen die drie konsepte ook kan verskil afhangende van die betekenis wat aan die konsep "gemeenskap" geheg word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Desember 1991

https://etd.uwc.ac.za

**ABSTRACT**

**AN INVESTIGATION INTO THE MEANING OF THE CONCEPT "COMMUNITY" AND ITS IMPLICATIONS FOR A DEMOCRATIC EDUCATION IN SOUTH AFRICA**

Edward Maurice Davis

M.Ed. MINI-THESIS, Department of Philosophy of Education, University of the Western Cape.

In this mini-thesis I try to ascertain the nature of the relationship between "community", "democracy" and "education" in South Africa. The motivation for choosing this topic stems from the wide use of the term "community", almost always in a favourable sense, by the government as well as by the politically excluded. Such usage renders the concept "community" problematical, thus making it necessary to clarify that concept, in order to gain greater understanding thereof. The importance of such an undertaking becomes especially apparent when the nature of the relationship between community, democracy and education is assessed. In the politically and socially fragmented South Africa, caused mainly by the Apartheid policy of the South African government, the politically excluded are waging a battle against the state to claim their rightful place in the

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

decision-making processes of the country. Part of this struggle is waged, to a very significant degree, in the educational arena so that when the terminology of the government and that of the opppressed coincide as with the use of the term "community", it becomes extremely important to clarify the meaning of such a politically loaded concept. An attempt is also made to show that the relationship between "community", "democracy" and "education" is not static but could vary, depending on how "community" is understood.

December 1991

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

**VERKLARING**

Ek verklaar hiermee dat ***'N ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS VAN DIE KONSEP "GEMEENSKAP" EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DEMOKRATIESE OPVOEDING IN SUID-AFRIKA*** my eie werk is, dat dit nie voorheen vir enige graad of eksamen aan enige ander universiteit voorgelê is nie, en dat al die bronne wat ek gebruik of aangehaal het, aangedui is en erken is deur volledige verwysings.

GETEKEN: E.M. Davis............ DATUM: 13/12/91

EDWARD MAURICE DAVIS

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## BEDANKING

My opregte dank gaan aan Prof. Wally Morrow vir die aanvanklike leiding en aanmoediging en ook aan mev. Rosalie Small vir die leiding en aanmoediging ter voltooiing van die mini-tesis.

Ek waardeer die bystand, aanmoediging en geduld van my eggenote, Lucretia en van my kinders, Nadine en Kevin. 'n Spesiale woord van dank en waardering aan Lucretia wat al die tikwerk behartig het en ook raad en aanmoediging verskaf het.

Ook dank vir genade en krag van ons Hemelse Vader ter voltooiing van hierdie taak.

Edward Maurice Davis

Desember 1991

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

**INLEIDING**

Dit blyk dat die term "gemeenskap" wye gebruik en aanvaarding in Suid-Afrika geniet. Die regering gebruik dit om in terme van die apartheidsbeleid na die verskillende bevolkingsgroepe, hoofsaaklik "nie-blank", te verwys, byvoorbeeld die Kleurlinggemeenskap, die Indiërgemeenskap, ensovoorts. So is daar ook 'n Departement van Gemeenskapsontwikkeling. Gemeenskap kan ook na sogenaamde blanke groepe verwys, byvoorbeeld, die Joodse gemeenskap of Portugese gemeenskap.

Dit is opvallend dat wanneer die term gemeenskap gebruik word dit dikwels 'n sterk emosionele betekenis kry en roep dit beelde op van wedersydse ondersteunende verhoudings en spesiale bande van gemeenskaplikheid en toegeneentheid sodat wanneer 'n besluit in die naam van "die gemeenskap" gemaak word, so 'n besluit heelhartig ondersteun word sonder dat die geldigheid daarvan in twyfel getrek word en kan daar dus saamgestem word met Raymond Williams[1] dat "... unlike all other terms of social organisation ... it seems never to be used unfavourably". Ook Belinda Bozzoli verwys na hierdie aspek en merk op dat wanneer die term gemeenskap gebruik word dit altyd verstaan word "... as socially good, constructive, to be supported and sustained ... It is virtually inconceivable that anyone could be 'against' it.[2]

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Die hoofstukke in hierdie mini-tesis poog gevolglik om "gemeenskap" konsepsueel te ondersoek om sodoende die implikasies van verskillende persepsies van die konsep te ontleed en meer deursigtig te maak.

Hoofstuk 1 bepaal histories die aard van die verband wat tussen opvoeding en gemeenskap in Suid-Afrika gelê is. Histories word daarvan bewys gelewer dat hierdie verband 'n baie hegte een is.

Hoofstuk 2 probeer aantoon die mate waartoe die neëntiende-eeuse konsep van nasionalisme die retoriek rondom opvoeding as 'n "eie saak" onderlê. Die neëntiende-eeuse nasionalisme wat hier in verband gebring word met opvoeding impliseer 'n bepaalde siening van gemeenskap met verreikende gevolge vir opvoeding in Suid-Afrika.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In hoofstuk 3 word "People's Education" wat, volgens sy retoriek, die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika wil uitdaag, onder die loep geneem. Daar word gekyk of die siening van gemeenskap, wat deur "People's Education" gegenereer word, wesenlik verskil van dié in die dominante diskoers omtrent opvoeding. Dit is 'n belangrike vraag in Suid-Afrika, aangesien 'n bepaalde persepsie van gemeenskap 'n bepaalde siening van opvoeding impliseer. Sou die siening van gemeenskap in "People's Education" wesenlik

https://etd.uwc.ac.za

verskil van dié in die dominante diskoers omtrent opvoeding, kán dit as uitdaging gesien word van die status quo in Suid-Afrika.

Hoofstuk 4 behandel die vraag of dit voordelig sal wees om ten opsigte van pogings om 'n meer demokratiese opvoeding in Suid-Afrika totstand te bring 'n beroep te doen op 'n konsep van gemeenskap. Wat hier uitgelig word, is die verband tussen 'n siening van "gemeenskap" en "demokratiese opvoeding".

In hoofstuk 5 word die algemene persepsie dat "gemeenskap" en "outonomie" nie versoenbaar is nie in oënskou geneem. Die persepsie dat gemeenskaplike verhoudings noodwendig outonome denke en optrede uitsluit, sal baie sterk wees, veral waar 'n organiese siening van gemeenskap geld. Die moontlikheid van ander persepsies van gemeenskap, wat wel insluitend kan wees van outonomie, word ondersoek.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hoofstuk 6 ondersoek die geldigheid van 'n argument wat die demokratiese organisering van die skool as gemeenskap, verwerp. Sentraal in genoemde argument is 'n bepaalde siening van "gemeenskap" wat die verhoudings binne die skoolgemeenskap as nie-geskik vir demokratiese praktyke beskou nie.

https://etd.uwc.ac.za

Hoofstuk 7 behandel gemeenskapsbeheer oor skole. Die eerste afdeling ondersoek die wenslikheid van gemeenskapsbeheer oor skole en voer aan dat terwyl sodanige beheer ten opsigte van bepaalde aspekte wel wenslik kan wees, die voordele wat dikwels aan gemeenskapsbeheer per se toegesê word, nie noodwendig is nie. Die tweede afdeling ondersoek die verband tussen gemeenskapsbeheer en demokratiese opvoeding.

Hoofstuk 8 probeer vasstel of daar 'n Afrika-siening van gemeenskap en demokrasie is wat onderskei kan word van Westerse sienings van dié konsepte en indien wel of dit 'n bepaalde siening van opvoeding impliseer.

Die slot is 'n kort oorsig oor die aard van die konsep "gemeenskap" soos wat dit in die voorafgaande hoofstukke na vore kom.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 1

## DIE VERBAND WAT HISTORIES TUSSEN "OPVOEDING" EN "GEMEENSKAP" IN SUID-AFRIKA GELÊ IS

Daar bestaan in Suid-Afrika 'n baie diepgewortelde persepsie dat daar 'n natuurlike en noodsaaklike verband tussen opvoeding en gemeenskap is. Die doel van opvoeding, volgens hierdie persepsie, is om die individu voor te berei om 'n bepaalde rol binne sy gemeenskap te speel. Die gemeenskap word gesien as die eenheid wat gedien moet word. Opvoeding wat nie hierdie rol vervul nie, sou die individu, volgens hierdie persepsie, nutteloos maak vir sy gemeenskap en sodoende bydra tot die agteruitgang en uiteindelike verval van die hele gemeenskap. In hierdie hoofstuk gaan ek histories die aard van die verband wat tussen opvoeding en gemeenskap in Suid-Afrika gelê is, na.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Reeds in 1869 skryf Sir Langham Dale, Superintendent van Onderwys in die Kaap, in 'n inspeksieverslag, dat dit nie raadsaam is om swart seuns aan hoër onderwys bloot te stel nie, omdat dit hulle sal isoleer "... from their own people in thoughts ..."[3] en dat dit bloot daartoe sal lei dat die sogenaamde geskoolde swartes die ondeugde van die laaggesonke blankes makliker sal aanleer. Die persepsie dat daar 'n innige verbondenheid tussen opvoeding en gemeenskap behoort te wees, spreek baie duidelik uit die aanhaling

https://etd.uwc.ac.za

hierbo. Die onderliggende idee daarin is dat opvoeding die denke van swartes rondom sy gemeenskap moet sentreer. Doen die opvoeding dit nie, volg morele verval. Opvoeding wat daarop gerig is om die individu in sy denke aan sy gemeenskap te bind, is dus in terme van hierdie persepsie belangrik om die individu van morele verval te red. Die afleiding wat hiervan gemaak kan word, is dat kennis wat nie te doen het met die praktyke en sedes van 'n persoon se gemeenskap nie, aanleiding kan gee tot sy/haar morele verval.

Dit blyk uit wat hierbo gesê is, dat die doel van opvoeding behoort te wees om die hoogste mate van konformiteit tussen die individu en sy gemeenskap te bewerkstellig. Hoe so 'n opvoeding moontlik gemaak kan word, word later deur Dale in 'n verslag oor die opleiding van onderwysers uiteengesit. Die soort onderwyser wat benodig word, volgens Dale, sal onderwysers wees "... without that over-refinement which elevates him too much above his fellows ..."[4]. Die ideale onderwyser sou, hiervolgens, een wees wat in sy denke en gedrag so na as moontlik aan die norme van sy gemeenskap leef en homself gedurig aan daardie norme meet. Die onderwyser se waarde word dus ook gemeet aan die mate waartoe hý aan sy gemeenskap gebind is. Hoe groter die mate van konformiteit tussen die onderwyser en sy gemeenskap, hoe hoër sal sy status in die gemeenskap wees. Die onderwyser

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

wat nie in die diepste van sy denke aan sy gemeenskap verknog is nie, behoort, volgens hierdie redenasie, nie vertrou te word met die onderrig van sy gemeenskap se lede nie. Slegs die gemeenskapsonderwyser sal dus vertrou kan word om nie sy leerlinge se gadagtes te isoleer van die waardes wat in hulle gemeenskap geld nie. Hy sal vertrou kan word met die evaluering van sy leerling omdat hy 'n fyn aanvoeling sou hê van wat goed en reg binne die gemeenskap is. Hiervolgens sou die ideale onderwyser een wees wat binne gemeenskapsverband opgelei is en dan na sy gemeenskapskool terugkeer om sy intieme kennis van die gemeenskap aan sy leerlinge oor te dra.

In 1891 skryf Dale in 'n inspeksieverslag dat swartes die skool as 'n agentskap sien:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

> ... that weakens and then effaces all tribal bonds and customs. The levelling tendency of popular instruction is not consistent with their traditions ...[5]

Die oplossing van hierdie probleem sou dus daarin lê om die opvoeding van swartes al meer in ooreenstemming te bring met hul tradisies. Hierin lê die oorsprong van die oortuiging dat die hoofdoel van opvoeding die oordra van tradisies en gebruike behoort te wees. Die funksie van opvoeding, volgens hierdie siening is om die lede altyd nader aan die gemeenskap te bring en daaraan te bind deur van hulle

https://etd.uwc.ac.za

tradisievaste mense te maak. Deur te pleit dat opvoeding in ooreenstemming moet wees met die tradisies van die gemeenskap, is om opvoeding te sien as 'n sosialiseringsagent wat die waarde van opvoeding sal meet aan die mate waartoe dit die individu inlei in die tradisies van sy/haar gemeenskap. Om opgevoed te wees, volgens hierdie siening van opvoeding, sou beteken om iemand te wees wat 'n deeglike kennis het van die tradisies van die gemeenskap waarvan hy 'n lid is.

Die idee dat opvoeding 'n instrument is wat bruikbare individue vir hul gemeenskap moet produseer, blyk uit Theal, die bekende historikus, se getuienis, in 1892, voor 'n kommissie in verband met die onderwys van swartes. Hy begin sy getuienis met die vraag "What is the education they should have in their own interest ...?"[6] Wanneer hy hom teen die idee uitspreek om swartes te leer lees en skryf, is sy rede, onder andere, dat "... you do not create a serviceable being to his own tribe ..."[7]. Theal het dit veral teen sendingskole waar groot getalle swartes geleer word om te lees en te skryf, wat volgens hom, 'n nuttelose onderneming is omdat dit van geen nut vir hulle is nie. Sentraal in Theal se getuienis is dat opvoeding van so 'n aard behoort te wees dat dit in belang van 'n bepaalde gemeenskap funksioneer. Hy is gekant teen die idee om swartes te leer lees en skryf, om dieselfde rede as Dale,

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

naamlik dat dit nie diensbare wesens vir die betrokke gemeenskap produseer nie. Hierdie gedagte word ook deur 'n mnr. Levy in sy getuienis voor 'n onderwyskommissie in 1892 uitgespreek wanneer hy sê, dat "... the object should be to train the children so that they would be able to earn their bread and become useful ... to their parents"[8]. Hiervolgens moet opvoeding 'n praktiese en sigbare nut hê, naamlik voorbereiding vir arbeid en moet dit bruikbare mense vir die gemeenskap produseer. Wat hierdie siening betref, hoef denke nie 'n belangrike rol te speel ten opsigte van opvoeding nie en behoort opleiding in een of ander vaardigheid, om sodoende jou brood te verdien, die hoofdoel van opvoeding te wees.

Dit is treffend dat die Welsh-Kommissie[9] se bevinding vier-en-veertig jaar later, in 1936, die bostaande siening ten opsigte van die verband tussen opvoeding en gemeenskap bevestig. Hierdie Kommissie, onder voorsitterskap van W.J. Welsh, het, onder andere, bestaan uit 'n inspekteur van swart onderwys uit elke provinsie en moes ondersoek instel na die wenslikheid van die staat se oorname van die administrasie en finansiering van swart onderwys. Die onderwys van swartes in die Kaapkolonie was in hierdie stadium hoofsaaklik behartig deur sendelinge verbonde aan verskeie buitelandse sendinggenootskappe. Ondergeskik aan hierdie opdrag, moes die Kommissie ook ondersoek instel na

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

die probleme ten opsigte van die verhouding tussen staats- en sendelingliggame asook na die doel, omvang en metodes van onderwys. Dit is insiggewend dat die inspekteurs van swart onderwys wat in die Kommissie gedien het, 'n bevestiging is van die idee, sedert Dale, dat opvoeding 'n gemeenskapsaangeleentheid is. Die onderliggende idee is dat hierdie inspekteurs, alhoewel blank, kenners is van die soort opvoeding wat geskik sou wees vir swartes.

Die Welsh-kommissie het bevind dat een van die redes waarom blankes gekant teen die opvoeding van swartes is, is omdat opvoeding "... estranges him from his own people and often leads him to despise his own culture"[10]. Wat opvallend is van hierdie bevinding is dat dit na vier-en-veertig jaar steeds dieselfde opvatting ten opsigte van opvoeding huldig - 'n duidelike bewys dat die siening dat opvoeding mense aan hul gemeenskap moet bind deur die tradisies en die kultuur van die gemeenskap by hulle in te skerp, 'n stewige vastrapplek in die Suid-Afrikaanse denke omtrent opvoeding gekry het.

Dit is veral die gevolgtrekking waartoe die Welsh-kommissie kom, met betrekking tot die doel van opvoeding, wat insiggewend is ten opsigte van die verband wat tussen opvoeding en gemeenskap in Suid-Afrika gelê is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Die Kommissie spreek hom soos volg uit:

> It is not that the aim is the same and that only the methods to be used are different. The ends themselves are different in the two cases. The education of the White child prepares him for life in a dominant society and the education of the black child for a subordinate society. There are for the White child no limits in or out of school. For the black child there are limits which affect him chiefly out of school ... it serves us no good purpose to act as if they did not exist[11].

Wanneer die Kommissie sê dat daar twee verskillende sosiale ordes in Suid-Afrika is, naamlik 'n blanke, dominante orde en 'n swart, ondergeskikte orde waarmee opvoeding rekening moet hou, plaas dit opvoeding in diens van 'n gemeenskap se behoeftes. Van opvoeding word dus verwag om blanke dominansie en swart ondergeskiktheid in stand te hou. Die Kommissie aanvaar dat opvoeding ongelyke verhoudings in die samelewing in stand moet hou, sonder om die moontlikheid te oorweeg dat opvoeding gelykheid ten opsigte van verhoudings in die hand kan werk.

Die Kommissie se gevolgtrekking hierbo, beklemtoon die nou reeds gevestigde persepsie dat opvoeding gemeenskapsgebonde is. Dat daar van opvoeding verwag word om mense voor te berei vir 'n rol binne hul gemeenskap, beteken dat die opvoeding wat mense ontvang, bepaal word deur die gemeenskap waarvan hulle lede mag wees. Mense wat hulle dus in 'n

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

dominante gemeenskap bevind, kan verwag dat hul opvoeding hul dominante status in stand moet hou, terwyl diegene in 'n ondergeskikte gemeenskap opvoeding sal ontvang wat hul ondergeskikte status in stand sal hou.

Die Eiselen-kommissie (1949-1951)[12] wat deur die Nasionale Party, wat in 1948 in Suid-Afrika aan bewind gekom het, gelas is, se opdrag was om te beplan vir die opvoeding van swartes as 'n onafhanklike ras. Vir die eerste keer word daar nou 'n direkte verband gelê tussen opvoeding en ras. Die Kommissie is opdrag gegee om in hul beplanning, onder andere, ag te slaan op die swartes se inherente ras-eienskappe, hul onderskeidende kenmerke en aanleg. Hierdie opdrag impliseer dat opvoeding verskillend kan wees vir verskillende rasse. Hierdie uitgangspunt staan sentraal in die Nasionale Party se beleid van rasseskeiding.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens die Kommissie is die motivering vir rasgebasseerde opvoeding die konflik wat die kontemporêre opvoeding van swartes veroorsaak tussen die tradisionele stamgemeenskap en die Westerse Europese gemeenskap. Om hierdie rede sou, volgens die Kommissie, opvoeding wat verband hou met ras, voorkom dat swart leerlinge hul eie kultuur verwerp nadat hulle 'n Westerse opvoeding ontvang het[13].

Die implikasie van die Kommissie se motivering vir

https://etd.uwc.ac.za

rasgebasseerde opvoeding is dat opvoeding by die leerlinge 'n liefde moes laat ontwikkel vir alles wat eie is aan hul gemeenskap, dit wil sê, die gemeenskap se tradisies, gebruike, herkoms, waardes, behoeftes, ensovoorts. Daarom is dit, volgens die Kommissie noodsaaklik dat opvoeding rekening moet hou met die kultuur waarin die leerlinge gekondisioneer is, die taal wat hulle aan moederskoot geleer het, asook die waardes wat deur die gemeenskap by hulle ingeskerp is. Dit sou beteken dat opvoeding bloot, dit waarmee die kind reeds toegerus is wanneer hy by die skool aankom, verder by hom/haar moet inskerp ten einde reg te laat geskied aan rasgebasseerde opvoeding. Hierdie uitgangspunt word treffend geïllustreer wanneer die Kommissie kla dat:

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

> Schools ... are concerned primarily, not with reinforcing the other social institutions of Bantu society, but more largely with the transmission of ideas, values, attitudes and skills which have not been developed in Bantu society itself and are often not in harmony with its institutions[14].

Dat opvoeding die swart kind aan sy gemeenskap moes bind, spreek ook uit die kommissie se voorstel dat "Bantu development and Bantu education must be largely synonomous terms ..."[15]. Ten einde hierdie doelwit te bereik, stel die Kommissie voor dat onderrwysers gebruik moet word "... to make the schools as Bantu in spirit as possible"[16].

https://etd.uwc.ac.za

Die afleiding wat uit bostaande gemaak kan word, is dat 'n opgevoede persoon, in terme van rasgebasseerde opvoeding een moet wees wat die "... social patterns and values which make a man a good member of his community ..."[17] deel van homself gemaak het en in totale ooreenstemming met dit wat sy gemeenskap van hom verwag, moet optree.

Die Bantoe Onderwyswet van 1953[18] het die idee dat opvoeding mense moet voorberei vir 'n rol binne hul gemeenskap 'n stap verder gevoer deur dit in wetgewing vas te lê. Dit blyk dat die vernaamste rede waarom hierdie wet die onderwys van swartes uit die hande van veral die sendelinge geneem het, was omdat sendingskole nie ten doel gehad het die voorbereiding van swartes vir 'n bepaalde rol in 'n bepaalde gemeenskap nie. Ten einde hierdie doel 'n werklikheid te maak, is swart onderwys onder beheer van die sentrale regering geplaas. Dit was vir die regering onaanvaarbaar dat swartes na voltooiing van hul sendelingonderwys hul studies aan oorsese universiteite kon voortsit. Dit is moontlik een van die redes waarom Dr. H.F. Verwoerd as Minister van "Naturelle Sake" in sy toespraak op 7 Junie 1954, in die Senaat aangevoer het dat daar geen koördinasie tussen die belange van die skool en dié van die gemeenskap is nie. Daarom stel hy voor dat die sendingskool met die gemeenskapskool vervang moes word. Volgens hom was die kurrikulum en opvoedkundige praktyk van die sendingskole

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

"... unable to prepare for service within the Bantu community ..."[19]. Die Bantoe-leerling moet kennis, vaardighede en 'n ingesteldheid bekom "... which will be useful ... and at the same time advantageous to his community"[20]. Daarom sou sy departement sorg dat die swartes se opvoeding sy wortels "... entirely in the Native areas and in the Native environment and Native community ..."[21] sou hê.

Samevattend kan gesê word dat daar, in die lig van wat hierbo gesê is, in die denke omtrent opvoeding in Suid-Afrika, 'n sterk tradisie posgevat het dat opvoeding die individu aan sy gemeenskap moet bind ten opsigte van sy denke en sy optrede en sodoende 'n bydrae moet lewer tot groter konformiteit tussen individu en gemeenskap. Dat opvoeding 'n rol behoort te speel om die individu 'n selfstandige en kritiese mens te maak, vind blykbaar geen ruimte binne hierdie opvatting omtrent die rol van opvoeding nie. Dat opvoeding dus 'n bevrydingsrol kan speel, in dié sin dat dit mense kan verlos van die greep wat tradisies op hul selfstandigheid mag hê, is 'n siening wat nie 'n hoë prioriteit geniet in die denke van Suid-Afrikaners nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## HOOFSTUK 2

### DIE MATE WAARTOE DIE NEëNTIENDE-EEUSE KONSEP VAN NASIONALISME DIE RETORIEK RONDOM OPVOEDING AS 'N "EIE SAAK" ONDERLê

Die idee dat opvoeding mense moet voorberei om die gemeenskap waarvan hulle lede is, slaafs te dien, instede daarvan dat dit selfstandige denke behoort te bevorder, het, soos uit die vorige hoofstuk blyk, 'n lang geskiedenis in Suid-Afrika. Onderliggend aan hierdie idee is dat mense, as lede van 'n gemeenskap, onlosmaaklik tot daardie gemeenskap gebind is en dat dit die plig van elke lid behoort te wees om die gemeenskap, wat die eerste aanspraak op sy denke en optrede het, lewenslank gehoorsaam te wees. Volgens hierdie opvatting kan opvoeding slegs sinvol wees binne die konteks van 'n gemeenskap. Dit is duidelik dat hierdie siening van wat die doel van opvoeding behoort te wees, op 'n bepaalde konsep van gemeenskap berus, naamlik 'n konsep van die gemeenskap as 'n biologiese organisme. Ek verduidelik later in meer detail wat met hierdie konsep bedoel word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In hierdie hoofstuk probeer ek aantoon dat die konsep van die gemeenskap as 'n biologiese organisme ooreenstem met die neëntiende-eeuse konsep van nasionalisme en dat dit hoofsaaklik hierdie konsep is wat in Suid-Afrika die retoriek rondom opvoeding as 'n "eie saak" onderlê.

https://etd.uwc.ac.za

As eerste stap neem ek die neëntiende-eeuse konsep van nasionalisme in oënskou en toon daarna aan tot watter mate hierdie konsep neerslag vind in die idee dat opvoeding 'n "eie saak" is en verduidelik ook dan wat met laasgenoemde term bedoel word.

## 2.1 DIE NEëNTIENDE-EEUSE KONSEP VAN NASIONALISME

In 'n insiggewende essay oor nasionalisme, verwys I. Berlin wat hy noem, 'n nasionale bewussyn enersyds en nasionalisme as 'n sentiment en ideologie andersyds. Eersgenoemde beskryf, volgens hom, 'n eeu oue behoefte by mense om tot 'n maklik identifiseerbare groep te behoort. Op grond van gemeenskaplike herkoms, taal, gebruike, tradisies, herinneringe, grondgebied, ensovoorts, het mense hulself in natuurlike gemeenskappe gegroepeer en het gemeenskappe van mekaar verskil omdat hul gemeenskaplike besit verskillend was en het dit wel gepaard gegaan met 'n mate van trots ten opsigte van herkoms. Nasionalisme egter, as sentiment en ideologie, is ingrypend verskillend en word deur Berlin beskryf as:

> the elevation of the interest of the unity and selfdetermination of the nation to the status of the supreme value before which all other considerations must, if need be, yield at all times ...[22]

Volgens Berlin is dit hierdie geweldige sterk sentiment

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

waarvoor mense selfs hul lewe sal offer, wat al die nasionale strewes van die neëntiende-eeuse Europa kenmerk en dit aanvaar kan word dat nasionalisme die produk is van politieke stryd.

Uit Berlin se bespreking van die oorsprong van die neëntiende-eeuse nasionalisme, kan vier onderskeidende kenmerke[23] van hierdie beweging uitgelig word, naamlik:

2.1.1 'n sterk oortuiging dat mense aan bepaalde menslike groeperinge behoort;

2.1.2 dat die lewenspatroon van 'n nasie of gemeenskap, soortgelyk is aan dié van 'n biologiese organisme;

2.1.3 dat mense bepaalde waardes nastreef bloot omdat dit deur hul groep, gemeenskap of nasie nagestreef word;

2.1.4 Dat geweld, ter wille van die groep, geregverdig is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ek neem vervolgens elkeen van hierdie kenmerke, na aanleiding van wat Berlin daaroor sê, in oënskou, om sodoende die aard van die neëntiende-eeuse nasionalisme te ontbloot.

2.1.1 Mense as deel van groepe

Hiermee word bedoel dat mense tot bepaalde menslike groeperinge behoort en dat die lewenswyse van een groep

https://etd.uwc.ac.za

verskil van dié van 'n ander. Daar word geglo dat die karakters van die lede van die groep gevorm word deur die groep en nie begryp kan word in afsondering daarvan nie. So word mense se karakters dan gevorm in terme van dit wat gemeenskaplik is aan die groep, naamlik grondgebied, gebruike, wette, herinneringe, oortuigings, taal, godsdiens, sosiale instellings, lewenswyse, herkoms en ras. Die oortuiging is dat dit hierdie faktore is wat aan mense se lewe, doelwitte en waardes, vorm gee sodat mense hulself verstaan slegs in terme van dit wat eie is aan hul groep, gemeenskap of nasie.

### 2.1.2 Die gemeenskap of nasie as biologiese organisme

Hiervolgens funksioneer 'n menslike groepering, hetsy 'n nasie of gemeenskap, op dieselfde wyse as 'n biologiese organisme sodat dit wat die organisme nodig het om behoorlik te ontwikkel, terselfdertyd die gemeenskaplike doelwitte van die groep is. Hierdie gemeenskaplike doelwitte wat nodig is vir die ontwikkeling van die groepering, word gewoonlik deur sensitiewe lede in die groep, byvoorbeeld die skrywers, digters, filosowe en historici, geartikuleer deur middel van woorde of beelde wat vir die res sinvol is. Hierdie gemeenskaplike doelwitte dien dan ook as toetssteen waarteen enige ander waardes, persoonlik of universeel, gemeet word.

Deur die groepering as organies te beskryf, beteken dat dit

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

nie kunsmatig deur individue of groepe geskep kan word nie, tensy dit lede is met spesiale sentimente en insigte ten opsigte van die behoeftes van die organisme, sodat die ontstaan en bestaan van die groepering nooit bevraagteken word nie. Die individu as draer van selfstandige menings wat vry is om assosiasies te vorm, vind dus nie ruimte in hierdie gemeenskap nie. Die individu sal ook nie sy/haar lidmaatskap van die gemeenskap, rasioneel kan verklaar nie, aangesien sy/haar verhouding met die ander lede nie deur rasionele denke bepaal word nie, maar deur 'n spesiale gewaarwording wat nie ten volle rasioneel hoef te wees nie. Dit is so omdat die individu hom/haarself slegs verstaan in terme van die gemeenskap.

#### 2.1.3 Die nastreef van groepwaardes

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hiervolgens word menings gehuldig of bepaalde doelwitte nagestreef, nie omdat dit op sigself geldig en goed is nie of omdat dit na geluk of regverdigheid of vryheid lei nie, maar bloot omdat dit die menings of doelwitte van die groep is. Individuele geluk sal dus afhang van die mate waartoe die individu hom/haarself vereenselwig met die menings en doelwitte van die groepering, aangesien hy/sy deel is van 'n sosiale groepering waarin hy/sy gebore is en onlosmaaklik gebind is deur alles wat gemeenskaplik is tot daardie groepering, sodat 'n bestaan buite die groep vir die

https://etd.uwc.ac.za

individu ondenkbaar en betekenisloos sal wees. Die afwesigheid van rasionele denke beteken dat die individu slegs deur sterk emosionele bande aan die res van die lede in die groepering gebind word.

2.1.4 Regverdiging van geweld

Hiermee word bedoel dat groeperinge, omdat hulle elkeen 'n eie identiteit het, doelwitte mag hê wat in botsing kan wees met dié van ander, sodat geweld gebruik mag word om enige bedreiging wat in die pad sou staan van die bereiking van 'n groepering se doelwitte, uit die weg te ruim. Elke groep kan dus geweld regverdig op grond daarvan dat dit onvermydelik is in sy strewe om sy ware identiteit te bewaar. Dit beteken ook dat ander waardes wat nie in ooreenstemming is met dié van 'n bepaalde groepering nie dus nie as gelykwaardig beskou sou word deur daardie groepering nie, sodat ander se waardes nie hoef gerespekteer te word nie. Vir elke groep sal die "eie" waardes die swaarste tel. Hier is dus geen sprake van oorkoepelende norme in terme waarvan ander waardes ook lewensruimte kry nie, sodat konflik onvermydelik word in so 'n opset.

Volgens Berlin[24] is die eerste stap wat aanleiding gee tot die ontwikkeling van nasionalisme, die toediening van 'n "wond" op die kollektiewe gevoel van 'n groepering of ten

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

minste op dié van sy geestelike leiers. Hierdie "wond" kan die gevolg wees van 'n neerhalende houding ten opsigte van die tradisionele waardes van die groep sodat 'n sterk gevoel van vernedering by die gemeenskap of sy geestelike leiers ontstaan.

'n Tweede stap is 'n begeerte na self-identifikasie by die groep en derdens moet daar sensitiewe mense in die groep wees, byvoorbeeld die skrywers, digters en ander geestelike leiers wat 'n beeld van die groep as 'n nasie in hulle ronddra, sodat dit húlle is wat deur middel van hul werke tot die mense spreek en hulle bewus maak van hul gemeenskaplikheid.

Vervolgens wil ek aantoon hoedat die voorafgaande konsep van nasionalisme neerslag gevind het in opvoeding as 'n "eie saak" in Suid-Afrika. Die argument wat ek hier aanvoer, is dat die neëntiende-eeuse nasionalisme via Afrikaner-nasionalisme[25] uitdrukking gevind het in Suid-Afrika en langs daardie weg neerslag gevind het in die opvoeding alhier. Ek sal probeer aantoon hoedat Afrikaner-nasionalisme, omdat dit, soos die neëntiende-eeuse nasionalisme, uit politieke stryd gebore is, 'n getroue weergawe van laasgenoemde is. As eerste stap behandel ek die ontstaan van Afrikaner-nasionalisme vanaf die tweede helfte van die neëntiende eeu tot ongeveer 1910 en sal dit

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

daarna in verband bring met opvoeding as 'n "eie saak".

## 2.2 DIE ONTSTAAN VAN AFRIKANER-NASIONALISME

Soos wat die neëntiende-eeuse konsep van nasionalisme gebore is uit 'n geskiedenis van stryd, is die Afrikaners se siening van hulself as 'n nasie ook uit stryd gebore en het die vroeë Afrikanerskrywers dieselfde rol gespeel in die Afrikaners se geskiedenis as hul neëntiende-eeuse eweknie om hul groep tot 'n organiese eenheid, naamlik die Afrikaner-nasie, saam te snoer.

Volgens Scholtz[26] was daar so laat as 1880-1881 nog geen politieke eenheid onder Afrikaners nie en het individualisme gebotvier. Muller[27] wys daarop dat alhoewel Afrikaanssprekendes teen 1872 driekwart van die blanke bevolking in die Kaapkolonie uitgemaak het, het hulle slegs een derde van die verteenwoordiging in die regering uitgemaak. Selfs aanvanklike pogings om die Bybel in Afrikaans te vertaal (1875), het misluk omdat groot getalle Afrikaners in die Nederduits-Gereformeerde Kerk Engels as die uiteindelike landstaal gesien het, terwyl ander weer Nederlands voorgestaan het[28].

Gedagtig aan wat Berlin gesê het ten opsigte van die "wond" as vereiste om die ontwikkeling van nasionalisme aan die

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

gang te sit, is daar veral twee gebeurtenisse in die geskiedenis van die Afrikaner wat so 'n "wond" op hul kollektiewe gevoel kon toedien, naamlik, die eerste en tweede Anglo-Boere-oorloë tussen die jare 1880-1881 en 1899-1902 respektiewelik. Hierdie twee oorloë verteenwoordig 'n bitter stryd tussen die Afrikaners en die Engelse. Alhoewel Brittanje verslaan is in die eerste oorlog, moes die Afrikaners steeds 'n vernederende vredesverdrag aanvaar[29].

Dit was egter Lord Alfred Milner, die Britse hoë kommissaris vir Suid-Afrika, wat ná die nederlaag van die Afrikaners in die tweede Anglo-Boereoorlog vir die ontwerp en uitvoering van die Britse beleid in Suid-Afrika verantwoordelik was, wie se verengelsingsbeleid, die ontwikkeling van Afrikaner-nasionalisme verseker het. Milner se bedoeling was om die Britse bevolking in Suid-Afrika aan te vul deur middel van immigrasie asook om 'n opvoedingsbeleid te volg wat op verengelsing gemik sou wees. Hy verklaar reeds in 1900 dat:

> Dutch should only be used to teach English, and English to teach everything else[30].

Die Afrikaners het so sterk hieroor gevoel dat hulle hul eie private skole gestig het. Dit is dus duidelik dat die Afrikaners die verengelsingsbeleid as 'n vernedering ervaar het en sou dít die "wond" wees wat die ontwikkeling van

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Afrikaner-nasionalisme in alle erns aan die gang gesit het.

Ek volstaan met hierdie kort agtergrondskets en ondersoek nou die rol wat die vroeë Afrikanerskrywers gespeel het in die ontwikkeling van Afrikaner-nasionalisme. Hierdie rol is soortgelyk aan dié van die neëntiende-eeuse skrywers wat veel bygedra het tot die ontstaan van Europese nasionalisme.

### 2.2.1 Die rol van die vroeë Afrikaner-skrywers in die ontwikkeling van Afrikaner-Nasionalisme

Kannemeyer beskryf die literatuur van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging soos volg:

> Die literatuur wat tussen die jare 1875-1900 in Suid-Afrika ontstaan, is tematologies beperk deur die noue verbondenheid met die vaderland in die algemeen en met die Afrikaner in die besonder. Die meeste geskrifte handel oor Suid-Afrika, die Afrikaanse taal, die godsdiens, die familielewe van die gewone burger of die boer en die Afrikaanse folklore, soos dit in die verhale oor die trek jag, spokery, en dies meer tot uiting kom[31].

Kenmerkend dus van hierdie vroeë geskrifte is, die beheptheid met die "eie", dit wil sê, 'n beheptheid met alles wat die Afrikaner as groep in gemeen gehad het.

Dit was veral S.J. du Toit, 'n predikant van die Paarl, wat veel gedoen het om Afrikaner-nasionalisme 'n werklikheid te

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

maak. Hy skryf in die sewentiger jare van die neëntiende eeu, onder die skuilnaam, "Ware Afrikaander"[32]. Hierdie skuilnaam is betekenisvol in dié sin dat dit impliseer dat die waardes van die Afrikaner so kenmerkend is van die groep dat dit die draers daarvan uitsonder en laat uitstaan bo dié wat dit nie in hulle ronddra nie. Hierdie waardes word dus voorgehou as iets besonders wat deur almal nagestreef behoort te word. Die "ware" of "suiwer" of "egte" Afrikaners versinnebeeld dus die hoogste aspirasies van die Afrikanergemeenskap in sy geheel. Kannemeyer verwys na du Toit as die "eerste Afrikaanse nasionalis"[33].

Omdat daar teen 1875 nog geen wye ondersteuning was vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans nie, is op 'n vergadering in die Paarl, wat onder andere bygewoon is deur S.J. du Toit, besluit dat die tyd nog nie ryp is vir so 'n stap nie, maar dat die "volk" oortuig moet word van die belangrikheid van hul eie taal. Met hierdie doel voor oë stig hierdie klein groepie intellektueles, wat veral in die Paarl woonagtig was, Die Genootskap van Regte Afrikaners (G.R.A.)[34]. Soos S.J. du Toit se "ware" Afrikaners, roep "Regte" Afrikaners dieselfde beeld op, naamlik dié van 'n uitgesonderde groep wat die benaming "Ware Afrikaners" waardig is.

Dit is egter ten opsigte van die doelwitte van die G.R.A.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

dat die beklemtoning van die "eie" in die gees van die neëntiende-eeuse nasionalisme, duidelik spreek. Die G.R.A. het dit hom ten doel gestel "om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land"[35]. Baie duidelik dus, het dit hier gegaan om die beklemtoning van die gemeenskaplike besit van die Afrikanergemeenskap. Ook du Toit se regverdiging vir die stigting van die G.R.A. lewer bewys hiervan. Volgens hom is daar:

> Afrikaners met Engelse harte en daar is Afrikaners met Hollandse harte en daar is Afrikaners met Afrikaanse harte. Die laaste noem ons Regte Afrikaners, en dié veral roep ons op om aan ons kant te kom staan[36].

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hiervolgens is die "ware" Afrikaners daardie lede wat die gemeenskaplike waardes van die Afrikaner in hulle hart ronddra. Hierdie oortuiging impliseer dat Afrikanerskap nie die gevolg is van rasionele denke nie, maar eerder as gevolg van 'n diep emosionele betrokkenheid wat die individuele lede, ongeag geografiese afstande tussen hulle, as 'n eenheid aan mekaar bind.

Die publikasie deur die G.R.A. van S.J.du Toit se gedig, "Die Afrikaanse Volkslied", is, volgens Kannemeyer[37], die begin van die Afrikaners se bewusmakingsproses deurdat dit die godsdienstige en nasionale doelstellings, soos wat die G.R.A. dit gesien het, behels. Elke strofe van die gedig

https://etd.uwc.ac.za

behandel een aspek van wat du Toit sien as die gemeenskaplike besit van die Afrikaner. So word daar agtereenvolgens na die Afrikaner se "Land", "Taal", "Wet", "Reg" en "Tyd" verwys terwyl die laaste strofe 'n goddelike geroependheid aan die bestaan van alle nasies gee, ook, by implikasie, aan die Afrikaners:

> Want al die nasies het één God,
> Hy regel ieder volk syn lot;
> Hy het vir ieder volk syn Taal,
> Syn Land, syn Reg, syn Tyd bepaal.
> Wie dit verag, sal syn straf dra:
> O God beskerm Suid-Afrika[38]!

Die strofe impliseer dat God alle nasies in aansyn geroep het, elk met sy eie taal, grondgebied, reg en tyd en dat enigeen wat hierdie werklikheid " verag", die wraak van God sal ontketen. Die bestaan van elke nasie is hiervolgens goddelik bestem en impliseer dit 'n tydloosheid, sodat geen aardse mens dit ongedaan kan maak nie. Hieruit volg dit dat dit elke individu vooraf bestem is om onlosmaaklik lid van 'n nasie te wees, want daarsonder is hy die metaforiese "leaf, a twig, broken off from the tree which alone can give it life"[39].

Die verskyning in 1876 van die blad, <u>Die Afrikaanse Patriot</u> [40], die amptelike mondstuk van die G.R.A., dui reeds in sy titel dat dit tot 'n bepaalde groep spreek, naamlik daardie groep Afrikaners wat 'n eie nasie en land hartstogtelik

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

begeer en daarvoor te vinde is om hierdie jong idee te vertroetel en daaraan te bou. Die idee van vertroeteling van dit wat eie is aan die nasie, spreek ook duidelik uit die titel van die maandblad, Ons Klyntji,[41] wat in 1896 deur S.J. du Toit geloods is. Soos wat dit die plig is van ouers om 'n onbeholpe kindjie te vertroetel en groot te maak, impliseer hierdie titel dat dit die plig van elke lid van die nasie is om dit wat vir die nasie as geheel waardevol is, te vertroetel en te bewaar. Opvallend is die sterk emosionele ondertone wat ook hieruit spreek.

In die gedig, "Vergewe en Vergeet"[42], wat kort na die Anglo-Boereoorlog verskyn het, word die Boer-Brit stryd allegories voorgestel as 'n boompie (die groeiende Afrikanervolk) wat deur 'n ossewa (die Britse oormag) platgery word en geleidelik weer herstel, maar 'n merk behou wat altyddeur aangroei. Implisiet hier is die idee dat die Afrikaners, sonder uitsondering, almal dieselfde ervaring meegemaak het en as 'n eenheid die letsels daarvan dra. Dit is dus hierdie sterk oproep op die Afrikaners se emosionele betrokkenheid by die lyding en lotgevalle van hul gemeenskap wat die organiese aard van Afrikaner-nasionalisme verseker het, want waar afstande hulle geskei het van mekaar, het emosionele bande hulle aan mekaar gebind. Die gebruik van die verkleiningsuitgang in "boompie", suggereer, soos "Klyntjie", iets (die idee van nasieskap) wat behoefte het

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

aan vertroeteling, iets wat teer is en maklik beskadig kan word en dus beskerm moet word. Die emotiewe taalgebruik van die neëntiende-eeuse nasionalisme spreek baie duidelik hieruit.

Wat uit die voorafgaande duidelik blyk, is dat die Afrikaners in hul stryd teen die Engelse dieselfde organiese siening van hulself as 'n nasie ontwikkel het as wat in die neëntiende-eeuse konsep van nasionalisme gevind word.

Vervolgens behandel ek die verband tussen die neëntiende-eeuse konsep van gemeenskap en die idee dat opvoeding 'n "eie saak" is.

## 2.3 DIE NEëNTIENDE-EEUSE KONSEP VAN NASIONALISME EN DIE IDEE DAT OPVOEDING 'N "EIE SAAK" IS

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die Apartheidsbeleid van die Suid-Afrikaanse regering bepaal dat opvoeding moet geskied binne gemeenskapsverband. Wat die regering betref, bestaan die Suid-Afrikaanse bevolking uit verskillende bevolkingsgroepe wat elk 'n eie identiteit het (vergelyk die neëntiende-eeuse nasionalisme). Om hierdie rede is daar voorsiening gemaak vir afsonderlike opvoedingstelsels vir blankes, Indiërs, "kleurlinge" en vir byna elkeen van die ander swart groepe soos die Zoeloes, Xhosas, ensovoorts. Volgens W. Morrow beteken opvoeding as 'n eie saak dat:

https://etd.uwc.ac.za

> education is to be understood and pursued, within particular social groups and it implies that it is wrong for members of one group to interfere with the education of another group, for one group to impose its view of 'education' onto members of another group[43].

Die term "eie saak" word in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983, gebruik om te verwys na aangeleenthede waaroor drie bevolkingsgroepe, tewete, die blankes, kleurlinge en Indiërs eksklusiewe beheer sal hê. Artikel 14(1) van hierdie wet lui soos volg:

> Aangeleenthede wat 'n bevolkingsgroep met betrekking tot die behoud van sy identiteit en die handhawing en bevordering van sy lewenswyses, kultuur, tradisies en gebruike spesiaal of afsonderlik raak, is, behoudens die bepalings van artikel 16, eie sake met betrekking tot daardie bevolkingsgroep[44].

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In die bylae tot die wet (Bylae 1) word verskillende klasse onderwerpe tot eie sake verklaar, onder andere, Maatskaplike Welsyn, Onderwys en Kuns, Kultuur en Ontspanning. Volgens artikel 15 is alle aangeleenthede wat nie tot "eie sake" verklaar is nie, "algemene sake", dit wil sê sake waaroor die drie bevolkingsgroepe gesamentlik besluite moet neem.

Vir die implimentering van "eie sake"-politiek is 'n driekamer-parlement ingestel, een vir elk van die drie bevolkingsgroepe hierbo genoem, naamlik Blankes in die

https://etd.uwc.ac.za

Volksraad; Kleurlinge in die Huis van Verteenwoordigers en Indiërs in die Huis van Afgevaardigers.

Die neëntiende-eeuse konsep van nasionalisme, naamlik dat die nasie soortgelyk aan 'n biologiese organisme funksioneer, spreek duidelik uit artikel 14(1) hierbo. Die doel van opvoeding as 'n "eie saak" sou in terme van hierdie artikel wees, die behoud van die groep se identiteit asook die handhawing en bevordering van 'n "eie" lewenswyse, 'n "eie" kultuur, 'n "eie" tradisie en "eie" gebruike. Opvoeding sal dus in diens van 'n bepaalde bevolkingsgroep se behoeftes gestel word. In hierdie verband ondersteun mnr. Piet Clase, Volksraadslid, soos volg, die beginsel van "eie sake"-opvoeding:

> Die onderwys is so nou verweef in die bestaan van 'n volk dat die beginsels van onderwys ook gestalte moet vind in die grondwet[45].

Wat opvallend is ten opsigte van bostaande wet asook die woorde van mnr Clase is dat die "eie sake"-beginsel nie rasioneel verdedig word deur diegene wat dit ondersteun nie. So verdedig mnr. Clase "eie sake"-opvoeding omdat hy dit as belangrik in die bestaan van 'n volk sien. Volgens wat die Minister van Konstitusionele Ontwikkeling, mnr. J.C. Heunis tydens die inleiding van die Wet in die Volksraad, op 5 Mei 1983 sê, loop die motiewe agter die nuwe grondwet soos 'n

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

"goue draad"[46] deur die geskiedenis en verwys hy na hierdie motiewe as, die behoefte aan effektiewe regering en die teenwoordigheid van botsende belange. Dit gaan dus, vir die Minister, nie in die eerste plek om die regverdigheid van die beginsel van opvoeding as 'n "eie saak" nie en of dit tot vryheid en geluk sal lei nie, maar oor hoe goed die idee in die bevordering van groepsbelange pas en of dit binne dáárdie geskiedenis sinvol is. In die gees van die neëntiende-eeuse nasionalisme word die toetssteen vir die beginsel van "eie sake"-opvoeding dus nie hoe reg dit universeel is nie, maar hoe goed dit in die historiese ontwikkeling van die nasie inpas. Ook tydens die tweede lesing van die wet in die Volksraad, laat die Minister hom soos volg uit:

> Wanneer ons dus van die demokrasie se ideaal praat, moet ons na die samelewing kyk wat hierdie wetsontwerp bedoel is om te dien[47].

Hieruit is af te lei dat die gefragmenteerde Suid-Afrikaanse samelewing as die model dien vir die toepassing van opvoeding as 'n "eie saak". Dit gaan dus nie vir die Minister daaroor of die beskerming en behoud van groepe in die samelewing in beginsel goed en reg is nie, maar van die hoogste belang vir hom is eerder in hoe verre opvoeding as 'n "eie saak" die samelewing soos wat dit is, dit wil sê, gefragmenteerd, in stand sal hou. Vir die Minister is die

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

kriteria vir die sukses van opvoeding dus die mate waartoe dit die groep sal dien en nie die mate waartoe dit die individu sal bevry van die dwingelandy van die groep nie.

Soos wat ek vroeër aangetoon het, word die neëntiende-eeuse nasionalisme gekenmerk deur emosie-belaaide taalgebruik. Dit is opvallend dat die verdediging van die "eie sake"-beginsel op soortgelyke wyse geskied sodat die doelwit wat hierdie wet aan die opvoeding toesê nie rasioneel verantwoordbaar is nie, maar bloot ingestem is op emosionele response. In hierdie verband het ek reeds aangetoon dat die motiewe vir die "eie sake" beginsel, vir die Minister van Konstitusionele Ontwikkeling, soos 'n "goue draad" deur die geskiedenis loop. Hy doen verder 'n beroep op die "welwillendheid"[48], nie die kritiese vermoë nie, van mense ten opsigte van die aanvaarding van die wet en verwag dus bloot 'n emosionele respons ten opsigte van sy versoek. Dit is veral aan die einde van die Minister se betoog in die Volksraad, ter ondersteuning van die wetsontwerp, dat die emosionele inslag, wat aan die neëntiende-eeuse nasionalisme laat dink, baie opvallend is. Die Minister sluit sy betoog soos volg af:

> Ek doen dus op almal 'n ... eerlike beroep ... ter wille van my kinders en ter wille van baie volke se kinders ... om saam met ons te kom werk ... sodat ons hier 'n sterk Suid-Afrika ... 'n

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

> mooi Suid-Afrika ... 'n vredevolle
> Suid-Afrika bou. Dit is my wekroep ...
> kom ons bou saam ...[49]

en haal hy dan ten slotte die Suid-Afrikaanse digter, D.J. Opperman aan: "Hoe breek die toekoms van my nasie stralend oop"[50].

Op hierdie emosionele wyse verdedig Minister Heunis opvoeding as 'n "eie saak" en stel hy dit daarmee onomwonde dat dit nie werklik van mense verwag word om die beginsel van opvoeding as 'n "eie saak" rasioneel te verdedig of te verwerp nie, maar bloot emosioneel ten opsigte daarvan te reageer. 'n Rasionele debat daaroor sou getoon het dat soos wat die neëntiende-eeuse siening van nasionalisme konflikskeppend was omdat dit nie 'n verskeidenheid van waardes kon akkommodeer nie, opvoeding as 'n "eie saak" juis eksklusiefheid beklemtoon wat potensieël tot konflik kan lei.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## HOOFSTUK 3

## "GEMEENSKAP" IN "PEOPLES' EDUCATION" EN IN DIE DOMINANTE DISKOERS OMTRENT OPVOEDING IN SUID-AFRIKA

Dit blyk uit die vorige twee hoofstukke dat die siening van gemeenskap wat diep in die denke van Suid-Afrikaners gevestig geraak het, 'n besliste organiese eienskap aan dié konsep gee. Die argumente in hoofstukke een en twee, wat opvoeding in diens van die organiese gemeenskap plaas, sien lidmaatskap van 'n gemeenskap as 'n bepalende faktor ten opsigte van die soort opvoeding wat mense behoort te ontvang.

In hoofstuk een word 'n bepaalde soort opvoeding regverdig, op grond daarvan dat daar twee sosiale ordes in Suid-Afrika bestaan, naamlik 'n dominante blanke orde en 'n ondergeskikte swart orde, elk met verskillende behoeftes wat op verskillende wyses deur opvoeding gedien moet word. Die onderliggende gedagte in hierdie argument is dat mense se lidmaatskap tot 'n gemeenskap 'n onafwendbare gegewe is, soos wat 'n blaar of 'n tak aan 'n boom geheg is, en dat niks wat die mens sou kon doen, hierdie toedrag van sake sal kan verander nie. Hierdie idee impliseer dat alles wat mense dink en doen noodwendig binne die norme van sy gemeenskap plaasvind. Daarom dat ook opvoeding as 'n gemeenskapsaangeleentheid

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

gesien word. Trouens, dit is juis hierdie gedagte wat ten grondslag lê van die idee in die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika, naamlik dat elke bevolkingsgroep beheer moet hê oor sy eie opvoeding (sien hoofstuk 2).

Dit is my mening dat "People's Education" as alternatiewe diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika, behalwe dat dit 'n uiters ongelyke opvoedingstelsel wil regstel, ook 'n siening van "gemeenskap" wil genereer wat dié in die dominante diskoers wil uitdaag. Indien "People's Education" wel die organiese siening van "gemeenskap" van die dominante diskoers suksesvol wil uitdaag, beteken dit dat sy eie siening van "gemeenskap" wesenlik sal moet verskil van dié van die voorgenoemde diskoers. Dit impliseer dat in plaas van 'n gemeenskap wat gekenmerk word deur gebondenheid en eksklusiwiteit (soos die organiese gemeenskap), sal "People's Education" se siening se gemeenskap gekenmerk word deur vryheid en inklusiwiteit. In hierdie hoofstuk sal ek nagaan in hoeverre die siening van "gemeenskap" in "People's Education" wesenlik verskil van dié in die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika.

As eerste stap ondersoek ek kortliks die aard van die gemeenskap wat deur die dominante diskoers omtrent

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

opvoeding in Suid-Afrika gegenereer word. Daarna neem ek Peoples' Education in oënskou.

## 3.1 "GEMEENSKAP" IN DIE DOMINANTE DISKOERS OMTRENT OPVOEDING IN SUID-AFRIKA

Volgens die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika kan opvoeding slegs sinvol wees binne die konteks van 'n gemeenskap. In hoofstuk 2 het ek daarop gewys dat hierdie siening ten grondslag daarvan lê dat opvoeding as 'n "eie saak" in Suid-Afrika gesien word. Ek het ook probeer aantoon dat die neëntiende-eeuse siening van die gemeenskap as soortgelyk aan 'n biologiese organisme, sterk inslag gevind het in die retoriek van opvoeding as 'n "eie saak". Die nou verband wat daar histories tussen opvoeding en gemeenskap in Suid-Afrika ontwikkel het, impliseer dat opvoeding as "eie saak", 'n bepaalde siening van gemeenskap sal genereer wat in 'n groot mate ooreen sal stem met die neëntiende-eeuse siening van die gemeenskap as 'n organisme.

In die lig van bostaande beteken dit dat, volgens die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika, die hoofdoel van opvoeding behoort te wees om die lede van 'n gemeenskap voor te berei om 'n bepaalde rol, slegs in dáárdie gemeenskap, te speel. Omdat die behoeftes van

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

die gemeenskap as geheel dominant is, is dit in belang van die gemeenskap dat elke lid deur middel van "opvoeding" vertroud gemaak word met alles wat die gemeenskap 'n gemeenskaplike kenmerk gee, naamlik sy taal, waardes, gebruike, herkoms, geskiedenis, ensovoorts. Hierdie klem op die behoeftes van die gemeenskap beteken dat individuele behoeftes wat in die gemeenskap mag ontstaan, ondergeskik is aan dié van die gemeenskap. Dit beteken ook dat sou individuele behoeftes wel ontstaan en dit in konflik is met dié van die gemeenskap, dit potensieel gevaarlik geag kon word vir die optimale funksionering van die gemeenskap as geheel sodat dit individuele belang sal wees wat voor dié van die gemeenskap moet swig. Dit volg dus dat opvoeding, in hierdie gemeenskap, die lede sal voorberei vir 'n betekenisvolle rol slegs binne daardie gemeenskap, aangesien die lid se eerste verpligting teenoor sy organiese gemeenskap is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika word die Suid-Afrikaanse samelewing gesien as bestaande uit verskillende gemeenskappe, elk met sy eie waardes en behoeftes, ervarings, herkoms, ensovoorts en regverdig dit, in die lig van wat ek hierbo gesê het, elke gemeenskap se reg tot selfbeskikking. Gegewe die organiese siening van gemeenskap is dit moontlik dat 'n

https://etd.uwc.ac.za

bepaalde gemeenskap se behoeftes in botsing kan wees met dié van 'n ander, sodat gemeenskappe as gevolg dáárvan bedreig kan voel en enige optrede om die bedreiging af te weer om sodoende die "eie" te beskerm, as geregverdig te beskou. Sodoende word opvoeding binne gemeenskapsverband geregverdig op grond daarvan dat dit die gemeenskaplikheid van 'n gemeenskap beskerm. Waar opvoeding dus in Suid-Afrika ingespan word om die gemeenskaplikheid van die verskillende bevolkingsgroepe te beskerm, eerder as om selfstandige en kritiese denke by die gemeenskapslede te ontwikkel, word 'n organiese siening van gemeenskap gegenereer. So 'n siening van gemeenskap sal van die opvoeding vereis om gemeenskapslede te produseer wat hul lot onkrities sal inwerp ter bewaring van die gemeenskaplike besit van die gemeenskap.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 3.2 "GEMEENSKAP" IN "PEOPLE'S EDUCATION": UITDAGING OF SPIEëLBEELD?

### 3.2.1 People's Education - oorsprong

Volgens Malcolm McKenzie[51], is die term "People's Education" die gevolg van 'n slagspreuk-vervanging. Hy verduidelik dat een van die slagspreuke wat 'n deel van die jeug in 1985 verenig het, was, "Liberation first,

https://etd.uwc.ac.za

education later"[52]. Tussendeur was daar ook die meer ernstige en onmiddellike vorm: "Liberation now, education later"[53]. Die plasing van opvoeding en bevryding in opposisie met mekaar in hierdie slagspreuk en die besef dat bevryding sonder opvoeding in werklikheid 'n bespotting van werklike vryheid sou wees, het daartoe gelei dat laasgenoemde slagspreuk op die vergadering van die Soweto Parents' Crisis Committee (SPCC), by die Universiteit van die Witwatersrand, verwerp is ten gunste van, "People's Education for People's Power"[54]. Die verband wat hier tussen opvoeding en politieke mag gelê is, is 'n belangrike aspek in hierdie diskoers omtrent opvoeding. Van belang is dat "People's Education" uit politieke stryd gebore is. Soos ek sal aantoon, het hierdie werklikheid 'n betekenisvolle uitwerking op die siening van "gemeenskap" soos wat dit in die "People's Education"-diskoers gegenereer word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 3.2.2 "People's Education" - Die uitdaging

Dit blyk uit wat verskeie voorstaanders van "People's Education" sê, dat laasgenoemde daarop aanspraak maak dat dit 'n alternatiewe diskoers omtrent opvoeding daarstel wat die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika op radikale wyse uitdaag.

https://etd.uwc.ac.za

Die argument van "People's Education" is dat die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika 'n siening van "gemeenskap" genereer wat noodwendig tot stryd en antagonistiese verhoudings tussen mense lei omdat dit 'n oordrewe liefde vir die "eie" beklemtoon en dat slegs dit wat "eie" is aan 'n gemeenskap, naamlik, taal, geskiedenis, kultuur, ensovoorts, jou respek en aandag waardig is. Omdat 'n eksklusiewe siening van "gemeenskap" deur bogenoemde diskoers genereer word, sluit dit ander gemeenskappe uit. Hierdie uitsluiting lei daartoe dat mense tot hul "eie" gemeenskap ingekeer is. Die beheptheid met die "eie" het tot gevolg dat mense se gevoel van respek en toegeneentheid gereserveer word slegs vir die norme en waardes van die "eie" gemeenskap sodat dieselfde mate van respek en toegeneentheid wat so 'n persoon in sy/haar gemeenskap openbaar, nie oorgedra kan word tot ander, buite die gemeenskap, nie. Soos wat ek in Hoofstuk 2 geargumenteer het, is so 'n oordrag onmoontlik, aangesien die individu binne die organiese gemeenskap, (soos wat die dominante diskoers "gemeenskap" sien), homself slegs verstaan binne die konteks van sy/haar eie gemeenskap; buite daardie konteks het 'n persoon, volgens hierdie siening, geen selfbegrip nie. Die gevolg is 'n afsydigheid in menslike verhoudings wat potensieël botsend is. Dit blyk dus asof "People's Education" hierdie potensiaal tot konflik, wat

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

kenmerkend is die "gemeenskap" in die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika, wil uitdaag.

'n Ander aspek van die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika wat deur "People's Education" blyk uitgedaag te word, is dat daar in die dominante diskoers omtrent opvoeding geen ruimte gelaat word vir kritiese denke nie. Die eenheid van die gemeenskap onder al sy lede is daar só belangrik dat daar geen geduld kán wees met persone wat dit sou durf om dit, wat as in belang van die gemeenskap as geheel beskou word, te bevraagteken nie. Gevolglik sal 'n uitstaande kenmerk van so 'n gemeenskap wees dat dit uiters voorskriftelik is sodat die lede ten alle tye presies weet wat van hulle verwag word en selfstandige denke sodoende beperk word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Wanneer "People's Education" dus gedefinieer word as, "... education that liberates, education that puts people in command of their own lives ..."[55] blyk dit asof hierdie diskoers 'n ander siening van gemeenskap genereer as die een hierbo. Opvoeding wat mense bevry, sal tereg opvoeding wees wat mense in beheer van hul eie lewens plaas en nie dwing om slaafse napraters en navolgers te word van slegs dit wat die gemeenskap sal bevredig nie. 'n Onderskeidende kenmerk van so 'n opgevoede persoon sal dus wees dat hy nie gebuk sal gaan onder die diktate van

https://etd.uwc.ac.za

die gemeenskap waarvan hy lid mag wees nie. So 'n persoon sal nie al die beperkings hê van 'n lid van die gemeenskap soos hierbo nie. So 'n persoon sal selfstandige besluite kan neem en sal sy denke en optrede kan verstaan en regverdig, nie noodwendig binne die konteks van sý gemeenskap nie, maar op grond van rasionele denke.

"People's Education" se aanspraak blyk dus te wees, dat verhoudings tussen mense nie noodwendig bepaal sal word deur hul lidmaatskap van een of ander gemeenskap nie, maar deur die lede self. Sulke persone sal 'n kritiese ingesteldheid hê sodat hulle dit, wat beskou mag word as in belang van die gemeenskap, met vrymoedigheid sal bevraagteken omdat hul selfstandige en kritiese optrede wel moontlik óók in belang van die gemeenskap mag wees. "People's Education" beoog dus 'n gemeenskap wat nie eksklusief en beperkend is nie, maar 'n "oop" een wat sy lede se selfstandigheid respekteer om krities te wees en wat ook ontvanklik sal wees vir kritiek van buite. "People's Education" beoog dus 'n Suid-Afrikaanse samelewing wat bevry is van die idee dat gemeenskapsbande bepalend is van menslike gedrag.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

### 3.2.3 "People's Education": Uitdaging of spieëlbeeld?

Die vraag wat ek in hierdie laaste afdeling probeer beantwoord, is of die diskoers van "People's Education", 'n siening van "gemeenskap" genereer wat wesenlik verskil van dié in die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika. Anders gestel, bevry "People's Education" in sy siening van "gemeenskap" werklik mense uit 'n situasie waar dit wat hulle omtrent hulself dink, hul optrede en hul menswaardigheid, bepaal word deur die gemeenskap waarin hulle hulself bevind? Indien wel, dan het "People's Education" daarin geslaag om 'n radikaal verskillende siening van gemeenskap as dié in die dominante diskoers omtrent opvoeding te genereer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Vir "People's Education" om 'n wesenlik verskillende konsep van "gemeenskap" te genereer, beteken eerstens om nie dieselfde organiese en eksklusiewe konsep van gemeenskap te hê as dié in die dominante diskoers omtrent opvoeding nie. By nadere ondersoek egter, blyk dit dat "People's Education" in sy retoriek wel dieselfde siening van gemeenskap reflekteer as dié in die dominante diskoers omtrent opvoeding. Hierdie konsep is een wat die gemeenskap die toetssteen maak vir alles wat mense dink en doen. Dit blyk asof die beklemtoning van die

https://etd.uwc.ac.za

geheel net so sentraal in "People's Education" is as wat dit in die dominante diskoers omtrent opvoeding is. Vervolgens probeer ek hierdie stelling te staaf.

In 'n reeds genoemde, toonaangewende toespraak, sê die spreker "People's Education is education at the service of the people as a whole ..."[56].

As opvoeding in diens moet staan van "the people as a whole", is dit te betwyfel of dit opvoeding kan wees wat mense vir selfstandige denke en optrede voorberei, want waar opvoeding in diens van die gemeenskap as geheel staan, wil dit in die behoeftes van die gemeenskap as geheel voorsien en kan dit net lei tot die voorbereiding van onkritiese individue wat slaafs die diktate van die gemeenskap sou uitvoer, sonder die vermoë om selfstandig op te tree.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dat "People's Education" die gemeenskap se behoeftes ten alle tye bo ander oorwegings stel, blyk ook daaruit dat die onderwysers gesien word as, "... cadres of ... education"[57]. Die opdrag dat die onderwysers die kaders van "People's Education" sou wees, plaas die onderwysers vanuit die staanspoor binne 'n bepaalde raamwerk. Om lid van 'n kader te wees, beteken om lid te wees van 'n uitgesoekte groep deskundiges. Die onderwysers van

https://etd.uwc.ac.za

"People's Education" sal dus so 'n uitgesoekte nukleus van deskundiges wees aan wie die opvoeding van mense toevertrou sou word. So 'n nukleus van deskundiges veronderstel dat slegs hulle oor gespesialiseerde kennis omtrent "People's Education" sal beskik. Omdat mense in Suid-Afrika in die algemeen dit moeilik vind om oor hulself te dink buite die konteks van 'n gemeenskap en gegewe die realiteit van die gefragmenteerdheid van die Suid-Afrikaanse samelewing in verskillende gemeenskappe, kan die afleiding gemaak word dat die kaders van "People's Education" slegs effektief sal wees indien hulle binne bepaalde gemeenskappe funksioneer. So gesien sal die effektiewe onderwyser 'n persoon wees wat deurdrenk is met sý gemeenskap se waardes omdat dit hóm beskore is om sý mense daarin te lei. Sy plig as lid van 'n kader sou letterlik wees, om jongmense te regimenteer in voorbereiding vir hul rol binne hul eie gemeenskap.

Dit blyk uit bostaande dat die rol van die onderwyser in "People's Education" nie wesenlik verskillend is van dié van die onderwyser in die dominante diskoers omtrent opvoeding nie. Wanneer Dr H.F. Verwoerd in 1954 in 'n parlementsrede aanvoer dat:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

> The Bantu teacher must be integrated as an active agent in the process of the development of the Bantu community[58].

is daar, myns insiens, weinig verskil ten opsigte van hierdie siening van die onderwyser se rol en die siening van die onderwysers as "the cadres of "People's education".

'n Siening wat 'n radikaal verskillende rol, as dié in die dominante diskoers omtrent opvoeding, aan die onderwyser toevertrou, sal die onderwyser as 'n selfstandige denker sien, wat nie in sy werk ingestel sal wees slegs op die bevrediging van of konformering tot die behoeftes van sy gemeenskap nie. Inteendeel, hy sal as selfstandige denker gedurig homself, en sy gemeenskap, aan universeel aanvaarde waardes toets en homself in terme dáárvan na waarde skat en nie slegs in terme van die eng eise van sy gemeenskap nie.

In 'n toespraak getiteld: "The University as White Elephant", waarsku Eric Molobi van die National Education Crisis Committee, dat akademiese vryheid wat nie 'n integrale deel van die sosiale lewe uitmaak nie, daartoe sal lei dat universiteite al meer vervreemd sal raak van "... the communities that need them most ..."[59], en

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

verder dat:

> The institutions of higher education need to re-order their priorities on the basis of community needs rather than minority needs[60].

Terwyl dit, wat Molobi hier sê, verstaanbaar is in die Suid-Afrikaanse konteks, het ek andersyds bedenkinge omtrent die onderliggende retoriek daarvan. Ek sien die universiteit as 'n inrigting waarheen individue vanuit verskillende gemeenskappe gaan om in een of ander rigting selfstandige studie te doen. Dit mag wees dat dit wat hy/sy bestudeer, betrekking het op sy/haar gemeenskap, maar dit is nie noodwendig die geval nie. Indien daar 'n noodwendige verband sou wees tussen dit wat 'n persoon op universiteit bestudeer en die "community needs" as prioriteit, kan dit in die lig van wat ek hierbo gesê het 'n uiters beperkende uitwerking hê ten opsigte van die student sowel as die universiteit. Ek is van mening dat vir akademiese vryheid om tot sy reg te kom, 'n sterk argument gevoer moet word ten gunste van die individu as selfstandige denker en nie 'n oorbeklemtoning van die belange van die gemeenskap nie, wat, soos ek hierbo argumenteer, beperkend kan inwerk op die individu se besluite en begeertes, ten opsigte van sy/haar opvoeding.

Ek is van mening dat die onderliggende retoriek van

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

Molobi se argument problematies daaruit sien omdat sy konsep van gemeenskap nie wesenlik verskil van dié in die dominante diskoers omtrent opvoeding nie. Volgens Molobi het gemeenskappe bepaalde behoeftes en moet die universiteit sy prioriteite na daardie behoeftes skik. Onderliggend aan hierdie argument is 'n siening dat opvoeding in die diens van 'n gemeenskap behoort te staan, 'n siening wat soos aangetoon, ook duidelik uit die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika spreek.

'n Siening van die gemeenskap as 'n organiese eenheid spreek duidelik uit die reeds genoemde toespraak van Zwelakhe Sisulu op 'n National Education Crisis Committee-vergadering:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

> People's Education means education at the service of the people as a whole, education that liberates, education that puts the people in command of their lives[61].

Terwyl ek saamstem dat die doel van opvoeding behoort te wees om mense te bevry en hulle self in beheer te plaas van hul lewe, is dit nie duidelik hoedat "education at the service of the people as a whole" daardie doel kan verwesenlik nie. Opvoeding in diens van die gemeenskap as 'n geheel veronderstel, 'n siening van die gemeenskap

https://etd.uwc.ac.za

as bestaande uit lede wat almal enersdenkend is. Dit beteken dat slegs dit wat die gemeenskap as geheel benodig, deur middel van opvoeding voorsien moet word en dat individuele belang ten opsigte van opvoeding weinig waarde het. Hierdie siening van "gemeenskap" is nie bevorderlik vir 'n siening van opvoeding wat bevry en wel mense in beheer van hul eie lewe plaas nie. So 'n siening van die "gemeenskap" as die oppergesag waaraan die individu homself moet onderwerp, is 'n spieëlbeeld van die siening van "gemeenskap" in die dominante diskoers omtrent opvoeding.

Ek het hierbo probeer bewys dat die konsep "gemeenskap", soos wat dit in die dominante diskoers omtrent opvoeding en in "People's Education" gegenereer word, nie wesenlik van mekaar verskil nie, maar in werklikheid spieëlbeelde van mekaar is. Ek is van mening dat die ooreenkoms ten opsigte van die siening van "gemeenskap" in beide die diskoerse omtrent opvoeding in Suid-Afrika, in 'n groot mate toegeskryf kan word aan die ooreenkomste ten opsigte van die ontstaan van hierdie twee diskoerse omtrent opvoeding. Beide is uit politieke stryd gebore. Christelik Nasionale Onderwys wat ten grondslag lê van die dominante diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika is daargestel om 'n politieke rol vir die Afrikanergemeenskap ("volk") te vervul. Dit was deel van

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

die politieke stryd wat die Afrikaners, wat hulself as 'n volk gesien het, gevoer het teen die Britse mag wat die Afrikaner se nasieskap bedreig het (Hoofstuk 2). Alhoewel daar nie meer vandag 'n Britse bedreiging as sodanig is nie, word opvoeding in die dominante diskoers steeds gesien as werktuig deur middel waarvan die Afrikaners se waardes as "volk" bewaar moet word.

"People's Education" is op soortgelyke wyse uit politieke stryd gebore. Die ontsegging van die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking van 'n betekenisvolle aandeel aan die politieke proses in Suid-Afrika, het 'n stryd ontketen wat, onder andere opvoeding tot 'n terrein van stryd omskep het. Opvoeding moes 'n rol speel om die politieke stryd vir die polities uitgeworpe deel van die bevolking te wen. Dit is in hierdie soort stryd dat "People's Education", soos Christelik Nasionale Onderwys, as die dominante diskoers, sy beslag gekry het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Gegewe die ooreenkoms ten opsigte van die ontstaansgeskiedenis van die twee diskoerse is dit dus nie verbasend dat die siening van gemeenskap wat deur beide gegenereer word, nie radikale verskille kán toon nie. Dit is in belang van beide diskoerse om die gemeenskap as organies te sien sodat hinderlike individuele verskille wat die geheel mag benadeel,

https://etd.uwc.ac.za

effektief geneutraliseer kan word. Myns insiens is dit 'n vreemde rol wat aan opvoeding geallokeer is omdat opvoeding uiteraard nie in diens van een of ander gemeenskap behoort te staan nie, maar 'n enkele rol het, naamlik om die individu 'n selfstandige en kritiese karakter te gee.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## HOOFSTUK 4

## DIE BEDUIDENIS VAN 'N SUID-AFRIKAANSE KONSEP VAN "GEMEENSKAP" TEN OPSIGTE VAN POGINGS OM 'N MEER DEMOKRATIESE OPVOEDING TOTSTAND TE BRING

Die totstandbring van 'n demokratiese opvoeding in Suid-Afrika impliseer die strewe om die wyse waarvolgens daar tot dusver oor opvoeding in Suid-Afrika gedink is, radikaal te verander. Die talle strydkrete vanaf "Liberation before education" tot "People's education for people's power" beliggaam die politieke begeertes van die polities uitgeslotenes wat vir baie lank onderwerp is aan opvoeding wat deur hulle gesien is as opvoeding om van hulle ondergeskikte wesens te maak sonder om 'n aandeel te hê aan die neem van besluite wat hulle lewe raak.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dat opvoeding 'n terrein van stryd geword het, is moontlik bewys daarvan dat die polities uitgeslotenes tot die besef gekom het dat opvoeding 'n baie belangrike rol speel in hul voortgesette onderdrukking en dat hulle, deur opvoeding radikaal te verander, terselfdertyd die toestand waarin hulle hulself bevind, radikaal kan verander. Van belang hier is dat daar 'n baie belangrike verband gelê is tussen opvoeding en vryheid. Die gebrek aan vryheid is deur mense in hul daaglikse lewe ervaar as 'n onvermoë om ten volle deel te wees van besluite wat hul lewe raak. Die soort opvoeding waaraan hulle onderwerp is, is gesien as 'n

https://etd.uwc.ac.za

grondliggende rede vir hul gebrek aan demokratiese deelname. Hierdie opvoeding is gesien as opvoeding wat demokrasie in die wiele ry eerder as om dit te bevorder.

Om die implikasies van die verband tussen opvoeding en demokrasie te verstaan, is dus van groot belang vir die polities-uitgeslotenes in Suid-Afrika. Dit is so omdat die uitdaging waarvoor opvoeding in Suid-Afrika te staan gekom het, die totstandbring van 'n demokratiese bestel is.

My uitgangspunt in hierdie hoofstuk is, dat opvoeding in Suid-Afrika tot dusver tot 'n groot mate anti-demokraties was as gevolg van 'n sterk oortuiging dat die gemeenskap die eerste aanspraak het op 'n individu se denke en handelswyse (hoofstuk 3). In hoofstuk een het ek gedeeltelik die geskiedenis van hierdie persepsie nagegaan om aan te toon hoe diep dit in die Suid-Afrikaanse denke lê. In hoofstuk twee het ek daarop gewys hoe vanselfsprekend die oortuiging in Suid-Afrika aanvaar word dat die hoofdoel van opvoeding is om die individu voor te berei vir 'n rol binne sy/haar gemeenskap. Volgens hierdie siening sou die kenteken van 'n opgevoede persoon wees, die mate waartoe hy/sy onderlê is in die kultuur, die tradisies, simbole, en gebruike van sy/haar gemeenskap en word sy/haar nut as mens getoets aan die mate waartoe hy/sy die gemeenskap dien. So 'n individu ontwikkel 'n selfbegrip wat vir hom/haar slegs sinvol kan wees binne

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

die konteks van sy/haar gemeenskap. Hierdie persepsie, volgens my argument, is problematies en kan pogings om 'n demokratiese opvoeding totstand te bring, belemmer. My oortuiging is dat opvoeding in Suid-Afrika, indien dit demokraties wil wees, losgemaak moet word van enige konsep van gemeenskap en behoort opvoeding ervaar te word, nie as 'n proses wat daarop gemik is om die denke en optrede van die individu al meer in ooreenstemming te bring met dié van sy besondere gemeenskap nie, maar behoort dit eerder 'n proses te wees wat die individu al meer 'n selfstandige persoonlikheid sal gee sodat hy/sy, ten spyte van sy/haar lidmaatskap van 'n gemeenskap, homself as individu na waarde kan skat, besluite kan neem en daarvolgens te kan optree.

My argument kom daarop neer dat pogings om 'n demokratiese opvoeding in Suid-Afrika totstand te bring hoegenaamd geen beroep moet doen op enige konsep van gemeenskap nie. Die verband wat tussen die "gemeenskap" as organisme en opvoeding in Suid-Afrika gelê is, tesame met die persepsie dat opvoeding en gemeenskap noodwendig verbind is, sal, indien daar 'n beroep op gedoen word, noodwendig enige poging wat 'n demokratiese opvoeding alhier totstand wil bring, tot mislukking doem. In hoofstuk drie het ek aangetoon dat selfs "People's Education", alhoewel dit 'n demokratiese opvoeding beoog, dit 'n siening van gemeenskap genereer wat uiteraad opvoeding tot anti-demokratiese

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

praktyke kan doem.

Die argument wat ek dus hier aanvoer, is dat daar alleen sprake kan wees van demokratiese opvoeding in Suid-Afrika indien die opvoeding losgemaak word van enige siening van "gemeenskap", aangesien die heersende persepsie van hierdie konsep slegs belemmerend kan inwerk op enige pogings om 'n demokratiese opvoeding alhier totstand te bring.

Dit is ook belangrik dat begryp word dat die onderliggende rede vir hierdie oortuiging is die onvermoë van die algemeen heersende siening van "gemeenskap" om in Suid-Afrika demokratiese beginsels te akkommodeer. In die betoog wat volg, sal ek probeer aantoon dat dit nie voordelig sal wees om, in ons pogings om 'n meer demokratiese opvoeding in Suid-Afrika totstand te bring, 'n beroep te doen op 'n konsep van gemeenskap nie. As eerste stap verduidelik ek wat verstaan word wanneer ek van demokratiese opvoeding praat en sal daarna aantoon hoedat die heersende siening van "gemeenskap" in Suid-Afrika nie bevorderlik kán wees vir die totstandbring van demokratiese opvoeding nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 4.1 DEMOKRATIESE OPVOEDING

Wanneer ek van demokratiese opvoeding praat, het ek nie in gedagte dit waarna in die algemeen verwys kan word as

https://etd.uwc.ac.za

skoling nie. Demokratiese opvoeding verskil betekenisvol wat my betref van skoling, dit wil sê, dit wat plaasvind in voorskoolse klasse, in die gesin, in skole, in tersiêre inrigtings, ensovoorts. Hierdie onderskeid berus nie daarop dat demokratiese opvoeding meer dek as skoling nie, maar dat dit twee verskillende konsepte is[62].

Demokratiese opvoeding berus op 'n algemene beginsel wat ten grondslag van demokrasie lê, naamlik dat diegene wat deur besluite geraak word, deel moet hê aan die besluitnemingsproses. Om hierdie rede verbind ek demokratiese opvoeding met beginsels soos vryheid, selfstandigheid en kritiese denke. Dit wil egter nie sê dat hierdie beginsels noodwendig afwesig is ten opsigte van skoling of binne gesinsverband nie. Kinders in die gesin asook studente mag 'n groot mate van vryheid hê om deel te neem aan die besluite wat hulle raak, maar die verhoudings, hoe liefdevol en goedbedoel ookal, bly uiteraard blootgestel aan manipulasie en is dus nie noodwendig demokraties nie. Dit is so omdat ouers en onderwysers ("volwassenes") nie altyd kinders en studente vertrou om die "regte" besluite te neem nie, en neem daarom dikwels namens hulle besluite en word dit gewoonlik gedoen "in belang" van die kind. So kan kinders in 'n gesin, asook studente, wel die vryheid hê om deel te neem, maar sal daar ook uiteraard in so 'n opset altyd "kenners" (ouers of onderwysers) wees wat op een of

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

ander wyse kinders en studente kan manipuleer, ten goede of ten kwade, om tot bepaalde besluite te kom. Hiermee wil ek sê dat skoling nie 'n noodwendige verband toon met demokratiese praktyke nie, maar opvoeding wel. Dit is om hierdie rede dat skoling, wat nie noodwendig demokraties is nie en opvoeding, wat noodwendig verbind word met vryheid, selfstandigheid en kritiese denke, twee verskillende konsepte is.

Demokratiese opvoeding berus uiteraard op bepaalde demokratiese beginsels en dit is hierdie beginsels wat in die opvoedingsproses vertroetel sal word. Alhoewel die verhoudings tussen opvoeder en opvoedeling nooit "gelyk" kán wees nie, in dié sin dat die leerder altyd in so 'n verhouding 'n "afhanklike" sal wees, bestaan die opvoedingsituasie uit menslike verhoudings, met <u>mense</u> as bronne van behoeftes en menings en as sulks is die opvoedingsituasie geskik vir demokratiese gebruike. Die opvoedelinge behoort dus die geleentheid gegun te word om hul behoeftes en menings bekend te maak sodat hulle daarmee en in die dialoog wat daarop behoort te volg, leer om 'n eie stem te ontwikkel en ook vertroue te kry in daardie stem. Die ontwikkeling van kritiese denke, 'n proses wat die hoofdoel van demokratiese opvoeding behoort te wees, kan alleen plaasvind in 'n atmosfeer wat gekenmerk word deur vryheid, wat die leerder toelaat om 'n eie mening te lug

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

sonder die vrees dat dit wat hy/sy te sê het, afgemaak sal word as niksseggend omdat dit nie 'n eksakte weergawe is van dit wat hy/sy "geleer" is nie.

Terwyl demokratiese opvoeding dus insien dat verhoudings in die opvoedingsituasie nie gelyk kán wees in die sin dat die leerders en dié wat hulle leer op dieselfde vlak kán wees nie, word dit nie as gevolg dáárvan verwag dat leerders bloot luisteraars moet wees wat moet weergee dit wat hulle verplig word om aan te hoor nie. Indien dit die geval sou wees, sal die verhoudings in die opvoedingsituasie vanuit die staanspoor gekenmerk word deur dominerende en ondergeskikte verhoudings wat manipulering in die hand sal werk en uiteraard nie-demokraties is. Omdat demokratiese opvoeding berus op beginsels van vryheid, selfstandigheid en kritiese denke, sal verhoudings wat manipulerend is, anti-demokraties wees in die opvoedingsproses en sal dit nie 'n bydrae kan lewer tot demokratiese opvoeding nie. Waar demokratiese opvoeding dus noodwendig bevryding van manipulasie as doelwit sou hê, kan dieselfde nie van skoling en van die verhoudings in die gesin gesê word nie.

## 4.2 GEMEENSKAP EN DEMOKRATIESE OPVOEDING

In hierdie afdeling besin ek oor die soort gemeenskap wat in die algemeen bevorderlik sal wees vir demokratiese opvoeding

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

en sal daarna probeer vasstel of daar in Suid-Afrika so 'n siening van gemeenskap bestaan wat kan dien as basis vir die daarstelling van 'n demokratiese opvoeding.

### 4.2.1 Die soort gemeenskap wat demokratiese opvoeding sal bevorder

Die soort gemeenskap wat bevorderlik sal wees vir demokratiese opvoeding sal noodwendig 'n gemeenskap wees wat demokratiese beginsels en praktyke onderskryf. Daarmee bedoel ek dat dit 'n gemeenskap sal wees wat beginsels soos selfstandigheid, kritiese denke en deelname voorop stel en enige afwyking daarvan as 'n bedreiging vir die voortbestaan van die hele gemeenskap beskou. Dit is so omdat demokratiese gebruike konstituerend is van die verhoudings binne so 'n gemeenskap. Dit sal 'n gemeenskap wees wat elke lid as 'n bron van aansprake en menings sien vir wie daar ruimte móét wees waar daardie aansprake en menings gestel kan word. Uiteraard sal so 'n gemeenskap selfstandigheid van denke en vryheid van spraak en beweging vir sy lede verseker. So 'n gemeenskap sal aanvaar dat lede heersende waardes kan bevraagteken en 'n eie mening daaroor kan uitspreek.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

## 4.3 GEMEENSKAP EN DEMOKRATIESE OPVOEDING IN SUID-AFRIKA: 'N KRITIESE BESKOUING

Die vraag of dit voordelig sal wees om in ons pogings om 'n demokratiese opvoeding in Suid-Afrika totstand te bring, 'n beroep te doen op 'n konsep van "gemeenskap", vereis in die eerste plek 'n antwoord op die vraag of daar wel 'n konsep van "gemeenskap" in Suid-Afrika bestaan wat bevorderlik sal wees vir die totstandbring van 'n demokratiese opvoeding alhier.

In hoofstukke twee en drie het ek probeer aantoon dat daar 'n diepgewortelde oortuiging in Suid-Afrika bestaan dat 'n gemeenskap soortgelyk aan 'n biologiese organisme funksioneer. Dit kom daarop neer dat 'n gemeenskap gesien word as 'n eenheid waarvan die behoeftes ten alle tye onvoorwaardelik deur die lede bevredig moét word. Sou dit nie gebeur nie, word die gemeenskap se voortbestaan, as geheel, deur hierdie gebrek bedreig. Die beklemtoning van die geheel beteken dat so 'n gemeenskap nie geduld kán hê met lede wat hulle vry voel om eie menings uit te spreek of om belangegroepe te vorm nie. Indien dit sou gebeur, kan sulke belangegroepe, wie se doelwitte in botsing is met dié van die organiese gemeenskap, daarvan beskuldig word dat hulle nie die belange van die gemeenskap dien nie, sodat dwang, om hulle oortuigings weereens in ooreenstemming met

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

dié van die gemeenskap te bring, as heeltemal geregverdig beskou sou word.

'n Siening van gemeenskap soos hierbo, kán nie bevorderlik wees vir demokratiese opvoeding nie, aangesien dit geen ruimte laat vir die beoefening van demokratiese beginsels waar selfstandige menings ook 'n rol speel, nie. Selfstandige en kritiese denke sal noodwendig 'n bedreiging inhou vir die voortbestaan van so 'n gemeenskap, aangesien laasgenoemde alleen kan floreer indien dit in die denke van elkeen van sy lede bestaan as 'n soort oppergesag wie se behoeftes en optrede nooit bevraagteken word nie.

Die rede dus waarom dit nie in Suid-Afrika voordelig sal wees om 'n beroep te doen op 'n konsep van "gemeenskap" in pogings om 'n demokratiese opvoeding totstand te bring nie, is omdat die siening van "gemeenskap" wat algemeen geld, nie versoenbaar is met demokratiese praktyke nie. Die Suid-Afrikaanse samelewing is histories so gefragmenteerd dat Suid-Afrikaners dit moeilik vind om aan hulself te dink buite die konteks van 'n gemeenskap. Soos wat ek vroeër aangetoon het, was beide die dominante diskoers omtrent opvoeding (C.N.O.), sowel as "People's Education" essensieel 'n gemeenskapsrespons wat daarop gemik was om 'n politieke bedreiging af te weer. Van die opvoeding is verwag om dit wat "eie" aan die gemeenskap is, te beklemtoon. Vir die

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Afrikaners was dit 'n beklemtoning van hul gemeenskaplike taal, hul geskiedenis, soos wat hulle dit gesien het, en die simbole wat hulle as volk saambind. Alhoewel "People's Education", soos wat ek vroeër aangedui het poog om 'n sterk uidaging vir die dominante diskoers omtrent opvoeding te wees en 'n nuwe siening van die Suid-Afrikaanse samelewing gemeenskap in die vooruitsig probeer stel - een wat inklusief eerder as eksklusief is - genereer dit, as gemeenskapsrespons op 'n politieke "wond" (hoofstuk 2) in 'n groot mate dieselfde siening van gemeenskap as dié in die dominante diskoers omtrent opvoeding en lei dit ook tot die beklemtoning van die "eie", naamlik taal, geskiedenis, simbole, tradisies, ensovoorts.

Dit lei geen twyfel nie dat 'n organiese siening van gemeenskap, soos wat dit in die algemeen in Suid-Afrika geld, bepaalde eise stel ten opsigte van die opvoeding van sy lede. So 'n gemeenskap sal opvoeding vereis wat van mense onkritiese napraters maak, aangesien die aanmoediging van kritiese denke 'n bedreiging vir die voortbestaan van so 'n gemeenskap inhou. Daar sal verwag word dat optrede ten alle tye in belang van die behoeftes van die gemeenskap moet wees. In so 'n opset sal individuele behoeftes maklik aangesien word as afbrekend ten opsigte van die voortbestaan van die gemeenskap as geheel. So 'n gemeenskap sal enige teken van kritiese denke móét ontmoedig tot voordeel van die

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

behoud van die gemeenskap. In so 'n gemeenskap kan daar dus nie sprake wees van demokratiese opvoeding nie, aangesien dit nie elke mens as 'n bron van behoeftes en menings sien nie, maar slegs dit wat gemeenskaplik is, beklemtoon. Demokratiese opvoeding vereis juis die vertroeteling van enige teken van kritiese denke. Pogings om dit te ontmoedig, kan nie gelyk gestel word aan demokratiese opvoeding nie en is in werklikheid niks meer as 'n proses wat aangewend word om mense te manipuleer nie.

Uit bostaande volg dit dat die Suid-Afrikaanse siening van gemeenskap, wat gemeenskaplikheid beklemtoon, noodwendig dwang, wat die antitese van demokratiese praktyke is, akkommodeer. As die doelwit is om mense te produseer wat die gemeenskap moet dien en hulself slegs in terme van die gemeenskap kan verstaan, kan diegene wat "afwyk" van hierdie doelwit gedwing word om sy optrede in ooreenstemming te bring met wat die gemeenskap van hom verwag. Om hierdie rede sal die kurrikulum byvoorbeeld uiters voorskriftelik wees met beklemtoning van die "eie" as uitgangspunt en die uitsluiting van ander sienings wat botsend mag wees daarmee. Evaluering, in terme van so 'n kurrikulum, sal byvoorbeeld inisiatief veroordeel terwyl dit klakkelose napratery hoog sal aanskryf. Daar sal in so 'n opset ongeduldigheid wees met diegene wat met 'n "eie stem" probeer praat, of diegene

https://etd.uwc.ac.za

wat glo dat kreatiwiteit aangemoedig eerder as onderdruk moet word.

Vir opvoeding om demokraties te wees, kan dwang dus nie een van die steunpilare daarvan wees nie. Waar daar die moontlikheid van kritiese denke is, behoort daar nie gepoog te word om dit te vervang met voorskrifte nie. Alleen die vertroeteling daarvan, dit wil sê die doelbewuste skepping van 'n omgewing ('n gemeenskap) wat die ontwikkeling daarvan kan bevorder, eerder as skaad, behoort vooropgestel te word. 'n Omgewing wat gekenmerk word deur voorskriftelikheid en dwang, sal daarop ingestel wees om enige tekens van selfstandige denke uit te roei eerder as om dit aan te moedig. Die "opvoeding" in so 'n gemeenskap sal dit as een van sy vernaamste opdragte beskou om enersdenkendes vir die gemeenskap te produseer, eerder as wat dit die aanmoediging van kritiese denke as sy vernaamste opdrag sien.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die daarstelling van 'n demokratiese opvoeding vereis opvoeders wat 'n verskillende siening van hul rol het as dié van manipuleerders van wie dit verwag word om die "gewenste produkte" vir die gemeenskap te lewer. Om 'n opvoeder in 'n organiese gemeenskap te wees, beteken om iemand te wees wat gedurig as kenner van die gemeenskap se behoeftes die leersituasie só te manipuleer, dat die produkte wat daaruit kom die identiteitlose en onkritiese wesens is wat nodig is

https://etd.uwc.ac.za

vir die instandhouding van die organiese gemeenskap. Demokratiese opvoeding, daarenteen, vereis opvoeders wat elke opvoedeling sien as 'n bron van behoeftes en menings sodat dit wat hy/sy te sê het as betekenisvol beskou sou word binne die leersituasie en daarin aangemoedig sal word. Hierdie opvoeders se rol kan dus nie een wees van manipulasie om sodoende die "gewenste produk" te kweek wat onkrities sy/haar lewe sal slyt in diens van die gemeenskap nie. Die opvoeder sal begrip hê vir die broosheid van sy/haar opvoedelinge se pogings om met 'n eie stem te praat en die leeromgewing só probeer inrig dat dit daardie pogings ondersteun. Ten einde hierdie doelwit te bereik, kán die opvoeder dus nie as alomwetende oor sy opvoedelinge troon en verwag dat hulle klakkeloos volg waar hy lei nie. Die opvoedingsproses sal noodwendig interaksie as grondslag hê.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Uit bostaande volg dit dat dit nie voordelig sal wees om 'n beroep te doen op 'n konsep van gemeenskap in pogings om 'n demokratiese opvoeding in Suid-Afrika totstand te bring nie. Die rede daarvoor, soos wat ek probeer aantoon het, is dat die heersende organiese siening van gemeenskap juis die beginsels waarop 'n demokratiese opvoeding gebou behoort te word, verontagsaam. Gegewe hierdie toedrag van sake sal dit sinvol wees om enige pogings om 'n demokratiese opvoeding alhier totstand te bring, geheel en al los te maak van enige konsep van gemeenskap, sodat opvoeding onbelemmerd 'n rol

https://etd.uwc.ac.za

kan speel in die herstel van mense se selfstandigheid en menswaardigheid.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 5

## "GEMEENSKAP" EN "OUTONOMIE"

In die vorige hoofstuk is tot die gevolgtrekking gekom dat pogings om 'n demokratiese opvoeding in Suid-Afrika tot stand te bring alleen kan slaag indien dit losgemaak word van enige konsep van "gemeenskap", aangesien heersende persepsies van gemeenskap slegs anti-demokratiese praktyke in die hand sal werk. Daar is tot hierdie gevolgtrekking gekom omdat die heersende konsep van "gemeenskap", wat sy ontstaan aan politieke stryd te danke het, die individu as bron van behoeftes en menings verontagsaam, ten gunste van die oorheersende behoeftes van die gemeenskap as geheel, sodat die individu 'n identiteit slegs binne die konteks van sy/haar gemeenskap kry en sodoende anti-demokratiese praktyke in die hand gewerk word.

Dit is egter moontlik dat hieruit af te lei dat daar konflik tussen "gemeenskap" en "outonomie" is. Die vraag ontstaan egter of dit noodwendig die geval is. In hierdie hoofstuk neem ek die konsepte "gemeenskap" en "outonomie" in oënskou om te bepaal of dit noodwendig botsende konsepte is.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## 5.1 "GEMEENSKAP" EN "OUTONOMIE" AS BOTSENDE KONSEPTE

Demokratiese opvoeding gaan van die standpunt uit dat elke mens 'n bron van behoeftes en menings is en dat daar nie sonder meer van mense verwag kan word om, sonder rasionele denke, hierdie identiteit op te offer in diens van die diktate van die gemeenskap nie. Hierdie vertrekpunt kan binne die Suid-Afrikaanse konteks gekonstrueer word as 'n keuse ten gunste van "outonomie" en die verwerping van "gemeenskap" sodat in plaas van groter eenheid, groter verdeeldheid in die hand gewerk word. So 'n argument kan geregverdig word op grond van die vernietigende uitwerking wat Apartheid op menslike verhoudings in Suid-Afrika gehad het. Hierdie beleid het intermenslike verhoudings geskaad deurdat dit mense op geweldadige wyse van mekaar geskei het, sodat wat nodig is om hierdie onreg aan menslike vryheid te herstel, die aanmoediging van groter gemeenskaplikheid is (en nie meer outonomie nie), sodat eensgesindheid in plaas van verdeeldheid kenmerkend word van verhoudings in Suid-Afrika.

Alhoewel 'n siening soos hierbo verstaanbaar is, bly dit egter problematies omdat dit van die veronderstelling uitgaan dat gemeenskaplike verhoudings noodwendig verhoudings is wat in konflik is met individuele vryheid sodat wanneer gemeenskaplike doelwitte nagestreef word, daar

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

nie in die verhoudings ruimte kán wees vir die behoeftes en menings van individue nie en dat daar gevolglik noodwendig 'n keuse gemaak móét word tussen "gemeenskap" en "outonomie". Dit volg dan dat 'n siening soos hierdie, "gemeenskap" en "outonomie" as konsepte sien wat noodwendig in konflik met mekaar is.

By nadere ondersoek blyk dit egter dat so 'n oortuiging gegrond is op 'n wanbegrip van die twee konsepte. Die argument wat ek in hierdie afdeling aanvoer, is dat gemeenskap en outonomie nie noodwendig botsende konsepte is nie, sodat wanneer gemeenskaplike doelwitte nagestreef word dit nie beteken dat selfstandigheid gesien word as 'n bedreiging op die weg van daardie strewes en daarom sonder meer teengewerk moet word nie. Ek is van mening dat die persepsie dat "gemeenskap" en "outonomie" botsende konsepte is, berus op bepaalde sienings van dié konsepte wat dit wel botsende konsepte maak en nie daarmee rekening hou dat daar ander persepsies van dié konsepte mag wees wat nie noodwendig in konflik met mekaar is nie. So blyk dit byvoorbeeld uit die vorige hoofstukke dat wanneer 'n organiese persepsie van "gemeenskap" gehuldig word, dit wel in konflik is met "outonomie".

In hierdie afdeling neem ek verskillende sienings van "gemeenskap " en "outonomie" in oënskou en wil daardeur

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

aantoon dat dit nie noodwendig botsende konsepte is nie. As eerste stap behandel ek drie verskillende sienings van "gemeenskap" en onderskei tussen twee sienings van "outonomie". Daarna bepaal ek by wyse van 'n kritiese ontleding watter van hierdie sienings noodwendig in konflik met mekaar is en watter nie.

## 5.2 GEMEENSKAP: DRIE SIENINGS

Die drie sienings van gemeenskap wat ek hier behandel, word gedoen na aanleiding van die onderskeid wat Benn[63] tussen drie modelle van "gemeenskap" tref. Die onderskeid berus hoofsaaklik op die soort verhoudings wat kenmerkend is van elke model. Ek gee eers 'n beskrywing van die drie modelle en onderskei daarna op soortgelyke wyse tussen die twee sienings van "outonomie".

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 5.2.1 Die totale gemeenskap

Hierdie siening van "gemeenskap" gaan van die veronderstelling uit dat die mens se behoefte om te "behoort tot" en om bevredigende verhoudings met ander te ervaar, slegs moontlik is indien hy hom kan identifiseer met 'n groep - 'n groep wat vir hom lidmaatskap kan voorsien asook 'n bepaalde omskrewe rol en versekerde verwagtinge. Van belang in so 'n siening van gemeenskap is dat die ideale

https://etd.uwc.ac.za

verhoudings tussen die lede en die gemeenskap verhoudings is wat wedersyds ondersteunend sal wees en gekenmerk sal wees deur simpatieke ontferming vir mekaar se welstand. Hierdie geïdialiseerde verhouding tussen die individu en die gemeenskap word soos volg deur Benn na aanleiding van C.H. Cooley aangehaal:

> In so far as one identifies himself with a whole, loyalty to that whole is loyalty to himself; it is self-realization... One is never more human and as a rule happier, than when he is sacrificing his narrow and merely private interest to the higher call of the congenial group[64].

Die solidariteit van die groep is hier die toetssteen in terme waarvan alle ander aansprake geoordeel word. Die gemeenskap in Jean Jacques Rousseau se Sosiale Kontrak, wat op die Spartaanse model berus, asook die kommunes van Mao Tse Tung se China word, onder andere, deur Benn as voorbeelde van die totale gemeenskap genoem.

5.2.2 Mutualiteit ("Mutuality")

Hierdie konsep van "gemeenskap" toon 'n groot mate van ooreenkoms met die totale gemeenskap hierbo, aangesien die verhoudings ook 'n diep en aktiewe toegewydheid tot die geheel vereis. Sulke verhoudings word, volgens Benn[65], gevind in sommige vriendskappe, huwelike en in sommige

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

gesinne. Die kern van hierdie verhoudings lê in die kwaliteit van die verhouding self en nie in een of ander doelwit buite die gemeenskap nie.

Die vernaamste verskil tussen die mutualiteit en die totale gemeenskap lê daarin dat die verhoudings tussen die partye in die mutualiteit gesien word in terme van 'n proses van skepping en ontwikkeling en nie in terme van 'n statiese toestand soos wat die geval is met die totale gemeenskap nie.

Kenmerkend van die verhoudings in hierdie gemeenskap is dat dit ten volle deelnemend is. Elke lid respekteer en aanvaar die ander as 'n volwaardige lid en elkeen verrig sy pligte in die hoop en vertroue dat die ander dieselfde sal doen.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Anders as by die totale gemeenskap is die doelwit van die mutualiteit nie om 'n geïdialiseerde patroon van onveranderlike verhoudings in stand te hou nie. Inteendeel, die onderneming is daarop gemik om die vennootskap beweeglik te hou sodat die persoonlikhede van elke vennoot outonoom kan ontwikkel, sonder om vernietigende beperkings daarop te plaas. As voorbeeld van so 'n gemeenskap kan verwys word na skrywers wat saamspan om 'n boek te skryf. So 'n onderneming word, wat hulle betref, 'n gemeenskaplike onderneming met 'n bepaalde doelwit wat, soos hulle

https://etd.uwc.ac.za

saamwerk, kan verander en ontwikkel. Van belang is dat die skrywers hulle nie oor mekaar hóéf te ontferm nie, behalwe binne die konteks van hul gespesialiseerde, gemeenskaplike onderneming. Tog bly wedersydse ontferming vir mekaar as persone 'n onuitwisbare element van hierdie gemeenskap. Die doel van dié gesamentlike onderneming wat deur die skrywers aangepak word, is die bereiking van 'n doelwit wat buite hul persoonlike welstand en dus buite hul persoonlike verhoudings lê.

### 5.2.3 Kameraadskap

Benn vergelyk die verhoudings in hierdie siening van "gemeenskap" met dié in 'n gemiddelde grootte kibbutz, 'n uitgebreide gesin ("extended family") of selfs 'n regiment in die leër[66]. In so 'n gemeenskap, is daar erkenning en ontferming vir enigeen wat aan die vereistes vir lidmaatskap voldoen, dit wil sê, vir diegene wat onlangs aangesluit het of in die gesin ingetrou het. As kamerade word daar vir mekaar omgegee en kan daar 'n groot mate van ontferming oor mekaar se welstand wees. Die onderskeidende kenmerk van hierdie gemeenskap is dat al die lede dieselfde lotsbestemming deel, sodat die verhoudings tussen die lede wel daardeur beïnvloed word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## 5.3 "OUTONOMIE": TWEE SIENINGS

Ek het reeds aangetoon dat die kritiek teen die argument dat die konsep "gemeenskap" afgesweer moet word in pogings om 'n demokratiese opvoeding in Suid-Afrika totstand te bring, berus op 'n wanopvatting van die konsepte "gemeenskap" en "outonomie". Sodanige kritiek wys op die bedreiging wat die nastreef van individuele vryheid inhou vir die bereiking van groter gemeenskaplikheid. Die kritiek lui gewoonlik dat individuele vryheid eie belang nastreef en dat dit as gevolg daarvan nie strook met die spesiale ondersteunende verhoudings wat in 'n gemeenskap hoort nie. My argument teen hierdie kritiek kom daarop neer dat sodanige kritiek op 'n gebrekkige begrip van die konsepte "gemeenskap" en "outonomie" berus en dat daar gevalle kan wees waar die twee konsepte nie mekaar noodwendig uitsluit nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ek behandel nou kortliks twee sienings van "outonomie" wat ek in die bespreking hierna verder uitlig.

"Outonomie" het te doen met die mate waartoe 'n persoon vry is van sosiale of wettige beperkings om te doen wat hy wil. Dworkin[67], onder andere, onderskei tussen twee sienings van outonomie, naamlik "outonomie as lisensie" en "outonomie as selfstandigheid". Ek neem kortliks hierdie twee konsepte in oënskou na aanleiding van Pendlebury[68] se behandeling

https://etd.uwc.ac.za

daarvan.

### 5.3.1 "Outonomie as lisensie"

"Outonomie as lisensie" het te make met die mate waartoe 'n persoon vry is van sosiale of wettige beperkings om te doen wat hy wil. Die konsep is nie-onderskeidend, dit wil sê dit onderskei nie tussen vorme van gedrag of tussen kompeterende waardes nie. Om te streef na "outonomie as lisensie" sou wees 'n strewe na vryheid ten alle koste.

### 5.3.2 "Outonomie as selfstandigheid"

"Outonomie as selfstandigheid" het te make met die status van 'n persoon as selfstandig en gelyk eerder as onderdanig. Om "outonomie as selfstandigheid" na te streef, beteken, 'n strewe na die wedersydse erkenning van die gelyke agentskap van mense. In teenstelling met "outonomie as lisensie" is "outonomie as selfstandigheid" 'n onderskeidende konsep. Wanneer, byvoorbeeld, vryheid van spraak verdedig word op grond van 'n argument ten gunste van "outonomie as selfstandigheid", word daar nie geargumenteer vir die verwerping van beperkings in alle ander areas van die mens se lewe nie, wat wel die geval is by "outonomie as lisensie".

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## 5.4 "GEMEENSKAP" EN "OUTONOMIE": 'N KRITIESE ONTLEDING

In die bespreking wat hier volg, ontleed ek die aard van die verband tussen die verskillende konsepte van "gemeenskap" en "outonomie" wat hierbo beskryf is om te bepaal of dié konsepte in konflik is met mekaar al dan nie. Ten einde hierdie doelwit te bereik, is dit nodig om te kyk na watter soort verhoudings in elke model van "gemeenskap" hierbo as ideaal beskou word en dit dan in verband te bring met verskillende sienings van "outonomie".

### 5.4.1 Die totale gemeenskap en "outonomie"

Soos wat ek vroeër gemeld het, is die solidariteit van die groep van sentrale belang in die totale gemeenskap. Dit volg dat die ideale stel verhoudings wat in hierdie gemeenskap instand gehou sal word, gekenmerk sal wees deur spesiale gevoelens van wedersydse ontferming en steun sodat elke lid die ander se lief en leed ervaar asof dit sy/haar eie is. Hierdie spesiale gevoelens sal uitdruklik gerig wees op die instandhouding van die solidariteit van die gemeenskap sodat die individuele lede se persoonlikheid feitlik geheel en al opgaan in die strewe om hierdie solidariteit van die groep in stand te hou. Dit is so omdat daar van die individu verwag word om sy selfbeeld en selfbegrip op te sê ten gunste van die warmte en liefde wat

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

hy/sy verdien wanneer hy/sy 'n toegewyde lid van die gemeenskap word. Volgens Kanter, aangehaal deur Benn[69], sien die persoon wat so 'n onderneming aangaan, homself as iemand wat die diktate uitvoer van 'n hoër stelsel (die organiese gemeenskap) wat rigting en betekenis aan sy/haar lewe gee. Hy/sy internaliseer die gemeenskap se norme en waardes en aanvaar dat hy/sy daardeur beheer word omdat dit vir hom/haar iets voortreflik voorstel. Hierdie onderneming vereis dat die persoon sy identiteit herformuleer en herevalueer in terme van die ideale wat deur sy gemeenskap daargestel word. Die gemeenskap sal van so 'n persoon verwag dat sy selfkritiek slegs in terme van die standaarde en die openbare kritiek van die gemeenskap geskied.

Gegewe hierdie geïdealiseerde stel verhoudings tussen die individu en sy gemeenskap, blyk dit dat die verhoudings in die totale gemeenskap in konflik is met "outonomie as lisensie" sowel as met "outonomie as selfstandigheid". Wat die totale gemeenskap van die individu verwag, is onvoorwaardelike en totale onderwerping aan die norme van die gemeenskap. Daar kan in die totale gemeenskap dus nie sprake wees van 'n selfstandige mening teen openbare kritiek nie. Trouens, selfstandige menings sal nie as 'n deug beskou word nie, maar as 'n defek wat die solidariteit van die groep bedreig en wat reggestel moet word deur die onttrekking van die gemeenskap se liefdevolle ontferming en

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

ondersteuning of desnoods met geweld.

5.4.2 "Mutualiteit" en "Outonomie"

Soos vroeër aangetoon, is die onderskeidende kenmerk van die verhoudings in die mutualiteit die feit dat dit ten volle deelnemend is en is daar wedersyde respek en aanvaarding van mekaar se volwaardige status as lede van die gemeenskap. Die doelwit van die verhoudings in die mutualiteit is, anders as by die totale gemeenskap, nie om 'n stel geïdialiseerde verhoudings in stand te hou nie, maar juis om elke persoon se potensiaal om outonoom te ontwikkel, te erken.

'n Mutualiteit kan dus alleenlik floreer indien die lede mekaar se outonomie wedersyds respekteer. Dit beteken dat in so 'n gemeenskap elke lid gesien word as 'n bron van behoeftes en menings. Die skrywers wat byvoorbeeld in so 'n gemeenskap saamspan om 'n boek te skryf, toets nie, soos wat die geval is met die totale gemeenskap, gedurig hul denke en optrede aan dié van die mutualiteit as geheel nie of probeer nie gedurig hul denke in lyn te bring met dié van hul gemeenskap as geheel nie. Die rede daarvoor is dat elkeen besef dat hoe meer selfstandig elke lid in sy denke is, hoe meer heilsaam kan dit vir hulle wees in die bereiking van hul doelwit, naamlik die voltooiing van die boek. Dit wil

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

dus nie sê dat die idees wat elkeen in die gemeenskap inbring nie ook kan verander en ontwikkel soos wat die lede saamwerk nie. So 'n ervaring kan bydra tot die verryking van die lede en die sukses ten opsigte van die bereiking van die spesifieke doelwit. Vir 'n persoon om in so 'n gemeenskap in te kom sonder selfstandige idees en bloot net na te praat wat die ander lede sê, is nie 'n aanwins vir so 'n gemeenskap nie, omdat die outonomie wat verwag word om die verhoudings vloeibaar en kreatief te hou, ontbreek en die voortbestaan van die gemeenskap dus nie daardeur bedreig word.

Terwyl "outonomie as selfstandigheid" dus bevorderlik sal wees vir die mutualiteit sal "outonomie as lisensie" 'n vernietigende uitwerking hê op die voortbestaan daarvan sowel as op die bereiking van die gemeenskaplike doelwit. Waar "outonomie as selfstandigheid" elke lid sien en respekteer as 'n persoon met behoeftes en menings, en daar besef word dat sonder daardie eienskappe 'n persoon nie 'n eie identiteit sal hê nie, beteken dit dat daar in 'n mutualiteit wedersydse respek sal wees ten opsigte van die uitoefening van daardie einskappe. 'n Selfstandige mening sal byvoorbeeld nie gesien word as 'n bedreiging vir die gesonde funksionering van die gemeenskap nie, soos wat wel die geval sou wees by die totale gemeenskap, maar sal verwelkom word op grond daarvan dat dit noodsaaklik is vir

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

die gesonde funsionering van die gemeenskap. Selfs 'n selfstandige besluit om die gemeenskap te verlaat sal, anders as by die totale gemeenskap, nie deur die lede in die mutualiteit gesien word as 'n verraderlike daad wat teenoor die gemeenskap as geheel gepleeg word nie, maar sal gerespekteer word op grond daarvan dat die lid na goeddunke kan handel en staan dit die gemeenskap vry om hom/haar met iemand anders te vervang indien dit sodoende moontlik sou wees om die gemeenskap se voortbestaan te verseker.

"Outonomie as lisensie" kan egter nie bevorderlik wees vir 'n mutualiteit nie en sal eerder vernietigend daarop inwerk. Waar "outonomie as lisensie" vryheid ten alle koste nastreef, is dit in konflik met die stel kenmerkende eienskappe van die mutualiteit. Sentraal in die verhoudings in mutualiteit is dat die lede mekaar se outonomie respekteer en dat daar volle deelname van die lede is. Dit beteken dat elke lid sy outonomie op so 'n wyse sal uitoefen dat dit nie inbraak maak op die vryheid van die ander lede nie. Waar "outonomie as lisensie" nie onderskei tussen vorme van gedrag of tussen kompeterende waardes nie, sal 'n lid, wat vryheid ten alle koste nastreef, uiteraard geen respek toon vir ander se selfstandigheid en reg tot volle deelname nie en sal sodanige gedrag in konflik wees met die mutualiteit waar verhoudings van wedersydse respek konstituerend is van die gemeenskap.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

5.4.3 Kameraadskap en outonomie

Soos wat ek vroeër aangetoon het, is daar in 'n kameraadskap 'n groot mate van wedersydse ontferming ten opsigte van mekaar se welstand. Terwyl die kameraadskap meer ruimte laat vir persoonlike outonomie as in die totale gemeenskap, vereis die verhoudings minder kreatiwiteit as dié in die mutualiteit. Die rede daarvoor is dat die lede in 'n kameraadskap gebind is tot dieselfde lotsbestemming, byvoorbeeld, in 'n regiment, sodat 'n hoë mate van kreatiwiteit deur lede oorbodig sou wees aangesien 'n gemeenskaplike ideologie die verhoudings ten grondslag lê, soos in godsdienstige gemeenskappe en gemeenskappe op kibbutze.

Gegewe die kameraadskap, blyk dit dat die verhoudings in so 'n gemeenskap in konflik sal wees met "outonomie". Die lede het wel 'n groter mate van outonomie as wat die geval is in die totale gemeenskap, maar die gemeenskaplike lotsbestemming beperk die mate waartoe die lede kreatief kan optree. Hierdie gebrek aan kreatiwiteit strook nie met die optrede wat verwag word in 'n gemeenskap waar "outonomie as selfstandigheid" ruimte vind nie. "Outonomie as selfstandigheid" beklemtoon die vryheid wat mense, as bronne van behoeftes en menings, móét hê om op allerlei nuwe en interessante maniere uiting te gee aan hul menings. Hierdie

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

uitgangspunt sien mense as reflektiewe wesens wat hul denke en optrede selfstandig in heroorweging kan neem en selfs van mening kan verander. Waar die verhoudings egter op kameraadskap gegrond is, beteken dit dat elke lid verbind is tot die gemeenskaplike lotsbestemming van al die ander lede en sal sy/haar strewe na "outonomie as selfstandigheid" hoogstens die wyse waarvolgens daar te werk gegaan kan word ter bereiking van die gemeenskaplike doelwit, raak, maar sal die gemeenskaplike lotsbestemming onveranderd laat en steeds die lid bind. So 'n beperking op dit wat mense as selfstandige en kritiese denkers kan vermag, beperk op 'n ingrypende wyse die vermoë wat 'n persoon het, en behoort te hê, om self sy eindbestemming te bepaal. Dit beteken dus dat alhoewel daar ruimte is in die kameraadskap vir "outonomie as selfstandigheid", daardie ruimte beperk is as gevolg van die gemeenskaplike lotsbestemming wat die lede bind.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In 'n kameraadskap sal die nastreef van "outonomie as lisensie" as 'n ernstige defek en as vernietigend van die gemeenskap beskou word. Terwyl 'n mate van outonomie wel toegelaat word, kan dit nie ten alle koste nagestreef word nie, aangesien die gemeenskaplike lotsbestemming beperkings plaas op hoe outonoom 'n lid mag wees. Dit volg dus dat 'n gemeenskap wat gekenmerk word deur 'n gemeenskaplike lotsbestemming in konflik sal wees met outonomie as

https://etd.uwc.ac.za

lisensie.

Die konsepte "gemeenskap" en "outonomie", soos wat uit bostaande blyk, is dus nie noodwendig in konflik met mekaar nie, maar bepaalde sienings van hierdie konsepte wat met mekaar in verband gebring word, kan wel in konflik met mekaar wees.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

**HOOFSTUK 6**

**'N EVALUERING VAN 'N ARGUMENT WAT DIE DEMOKRATIESE ORGANISERING VAN SKOLE VERWERP**

In hoofstuk 5 het ek aangetoon dat daar verskillende sienings van "gemeenskap" en "outonomie" kan wees en dat, terwyl sommige van hierdie sienings, wanneer hulle met mekaar in verband gebring word, in konflik kan wees, dit nie in alle gevalle so is nie. My uitgangspunt in hierdie hoofstuk is, dat die argument wat die demokratiese organisering van skole verwerp, gebasseer is op 'n konsep van "gemeenskap" wat noodwendig demokratiese praktyke uitsluit.

'n Belangrike aspek in die huidige diskoerse oor alternatiewe opvoeding in Suid-Afrika is die plek en rol van demokratiese deelname in die skoolorganisasie. Dit blyk uit die alternatiewe diskoers omtrent opvoeding dat die stryd in die skole, van veral die polities uitgeslotenes, onlosmaaklik gekoppel is aan die breër stryd om politieke deelname. Die skool word gesien as 'n terrein van stryd waar georganiseer mag word om te veg vir lank-ontsegde politieke vryhede[70]. Die slagspreuk: "People's Education for Peoples' Power" blyk wye aanvaarding te geniet onder die meerderheid wat polities uitgeslote is, juis omdat dit die outoritêre organisasie van skole veroordeel en 'n beroep

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

doen op die "gemeenskap" om die beheer oor skole oor te neem omdat sodanige beheer die mense sou toerus om 'n meer betekenisvolle politieke rol in landsake te speel.

Die argument hier, is dat skole in Suid-Afrika uiters outoritêr georganiseer is omdat dit as instrument van die staat mense voorberei om in ondergeskikte posisies, uitgesluit van die besluitnemingsprosesse, in te pas en sodoende die staat se hegemonie te versterk.

Die eis dat die skoolorganisasie gedemokratiseer moet word en dat outoritêre verhoudings geheel en al uit die skoolorganisasie moet verdwyn, is dus verstaanbaar, maar nie onproblematies nie. Die vraag is: Wat word bedoel wanneer daar geëis word dat die skoolorganisasie gedemokratiseer moet word? 'n Moontlike en myns insiens 'n korrekte antwoord kan wees dat vir baie lank in Suid-Afika is skole, veral die van die polities uitgeslotenes, op so 'n wyse georganiseer dat dit die staatsideologie bevorder het ten koste van die persoonlike vryheid van diegene wat aan die ontvangkant van hierdie soort skoling was. Dit het beteken dat nóg die studente, nóg die ouers of die onderwysers enige betekenisvolle seggenskap gehad het oor hoe die skool georganiseer behoort te word, maar moes slegs die opdragte van die staat gehoorsaam. Die afleiding kan dus gemaak word dat wat met demokratisering van die skoolorganisasie bedoel

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

word, is dat leerlinge 'n aandeel behoort te hê aan die neem van besluite wat hulle direk raak. Dit is egter hier waar die probleem lê in oproepe om die skoolorganisasie te demokratiseer. Dit is hier waar 'n hewige debat kan ontstaan oor die bevoegdheid van leerlinge om deel te kan hê, aan die neem van besluite wat hulle raak.

In hierdie hoofstuk spreek ek die argument aan wat die demokratiese organisering van skole verwerp en hoop ek om te bewys dat hierdie argument nie oortuigend is nie. Ek skets vervolgens hierdie argument van Dunlop[71] en neem dit daarna krities in oënskou om te bepaal hoe oortuigend dit is.

## 6.1 DUNLOP SE ARGUMENT

Die kern van Dunlop se argument is dat,

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

> ... the genuinely democratic school is actually anti-educational, because only in a community where the teachers stand "over" the pupils (in a hierarchical sense) rather than "on a level with them" (as is necessarily the case in a democratically run organisation) can the most fundamentally educational ends of the school, especially as regards moral and other value education be achieved[72].

Dunlop baseer sy argument op 'n onderskeid wat hy tref, op grond van die verhoudings, tussen twee soorte menslike organisasies, naamlik die "assosiasie" (voluntary

https://etd.uwc.ac.za

association) en die "gemeenskap" (Gemeinschaft). Dit dien daarop gewys te word dat Dunlop erkenning gee vir dié onderskeid aan die Duitse sosioloog, Ferdinand Tönnies[73] (1855-1936). Tönnies onderskei tussen "Gemeinschaft" (gemeenskap) en "Gesellschaft" (assosiasie). Volgens hierdie onderskeid berus die verhoudings in eersgenoemde op die natuurlike wil wat in die gemeenskap gemanifesteer word en wat instand gehou word deur tradisionele reëls en 'n universele solidariteitsgevoel onder die lede. In die "Gesellschaft" is rasionele selfbelang die sterker element en word die verhoudings in hierdie soort organisasie gekenmerk deur doelbewuste en rasionele voorskrifte, wat almal in die organisasie bind. Elke gemeenskap bevat elemente van beide organisasies, maar een van die twee, volgens Dunlop, is gewoonlik oorwegend en gee aan die organisasie sy onderskeidende kenmerk.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ek gee vervolgens eers 'n breër uiteensetting van Dunlop se onderskeid tussen die twee soorte organisasies. Dunlop het dit veral teen die wydverspreide aanvaarding dat die enigste aanvaarbare vorm van menslike groepering, die rasioneel beplande assosiasie van gelykes is en stel daarom die "gemeenskap" (Gemeinschaft) daarteenoor as 'n ewe belangrike groepering waarin die skool, volgens hom, tuishoort.

https://etd.uwc.ac.za

6.1.1 Die "Assosiasie" (Gesellschaft)

Volgens Dunlop word die individu in die assosiasie gesien as 'n geïsoleerde eenheid, wat in 'n assosiasie saamkom omdat sy/haar doelwitte, en dié van die ander, op 'n meer rasionele wyse verwesenlik kan word as wat dit individueel nagestreef word. Daar word aanvaar dat elke lid, wat by die assosiasie aansluit, reeds oor 'n rasionele kapasiteit beskik wat dit vir die lid moontlik maak om met ander saam te werk op grond van formele kontrakte of beloftes. Elke lid gehoorsaam die reëls en beperkings solank dit rasioneel is en die bereiking van doelwitte bevorder en in gelyke mate vir elkeen geld. Dunlop meen dat sulke verhoudings die individu 'n gevoel van vryheid en selfstandigheid gee en die tevredenheid dat sy/haar behoeftes en menings deur ander eerbiedig word. Die probleem met hierdie soort organisasie, volgens Dunlop, is dat lede te eniger tyd daaruit kan onttrek en elders aansluit omdat hulle nie noodwendig en onlosmaaklik ("inescapably") daaraan gebind is nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

6.1.2 Die "Gemeenskap" (Gemeinschaft)

Die "Gemeinschaft" as menslike groepering verskil van die "Gesellschaft" in dié sin dat lidmaatskap van eersgenoemde nie bepaal word deur die mate waartoe lede se persoonlike doelwitte gedien word nie; "brute necessity" wat, volgens

https://etd.uwc.ac.za

Dunlop, die verhoudings in die "Gemeinschaft" kenmerk, vervang die lede se persoonlike begeertes en voorkeure met gemeenskaplike doelwitte. Kenmerkend van hierdie gemeenskap is dat gewoontes, tradisies en natuurlike bande 'n vername rol speel en hoef die lede nie altyd persoonlik besluite te neem wat gebaseer is op sy eie behoeftes en denke nie omdat die gemeenskap reeds behoeftes en idees het wat dieselfde is as dié van die lede. Dunlop stel dit so:

> Indeed, one is not so much an "individual" here as a member of a group. One lives, thinks and desires through, or at any rate as a member of the community[74].

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Anders as by die assosiasie is hier geen rede vir formele kontrakte of duidelike reëls nie omdat lede mekaar vertrou en vooraf weet wat om van medelede en ander in die hiërargie te verwag. Die leiding van ouer en meer ervare lede word geredelik aanvaar en op dié wyse los vraagstukke as't ware hulself op en verskyn 'n algemene wil waarmee die individu hom geheel en al identifiseer. Alhoewel die individu in die "Gemeinschaft" nie as 'n unieke persoon hoog aangeskrewe is nie, is daar steeds liefde, samehorigheid en broederskap; elke lid het en ken sy unieke plek in die gemeenskap en is daar 'n algemene gevoel van samehorigheid wat nie so maklik opgesê kan word soos in die "Gesellschaft" nie.

https://etd.uwc.ac.za

## 6.2 DUNLOP SE AANSPRAKE

Dunlop is, wat my betref, reg wanneer hy tussen verskillende menslike organisasie onderskei. Ek het in hoofstuk 5 na aanleiding van Benn, tussen drie verskillende soorte organisasies onderskei waarvan elk deur 'n verskillende stel verhoudings gekenmerk is.

Dunlop se argument, soos die aanhaling hierbo toon, kom daarop neer dat demokrasie nie tuis hoort op die skool nie aangesien dit anti-demokratiese praktyke in die hand sou werk. Die rede wat hy aanvoer, is dat die skoolopset deur 'n bepaalde stel verhoudings en toestande gekenmerk word wat met dié in die "Gemeinschaft" ooreenstem, terwyl die "assosiasie" (Gesellschaft) as gevolg van sy kenmerkende stel rasionele verhoudings nie geskik is vir die opvoeding van kinders nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Wat bedoel Dunlop hiermee? Hy argumenteer tereg dat die skool as gevolg van die besondere verhoudings wat daar tussen onderwysers en leerlinge geld tot 'n bepaalde soort organisasie behoort terwyl die algemene organisasie van die siviele gemeenskap tot 'n ander soort organisasie behoort. Dit is ook so dat studente op skool nie "gelyk" is aan hul onderwysers nie. Hiermee word onder andere bedoel dat daar verskille ten opsigte van kennis kan wees - onderwysers

https://etd.uwc.ac.za

onderrig leerlinge alhoewel onderwysers ook soms by leerlinge kan leer, ook wat gesag betref, is daar nie "gelykheid" tussen studente en onderwysers nie.

Omdat Dunlop die assosiasie sien as 'n samekoms van rasionele gelykes, elk met bepaalde doelwitte, lokeer hy demokrasie in die assosiasie (Gesellschaft) waar al die lede, volgens hom rasionele gelykes is en kom tot die gevolgtrekking dat, aangesien die skoolopset gekenmerk word deur ongelyke verhoudings daar nie werklik sprake van demokrasie in die skool kan wees nie. Indien daar, volgens Dunlop, geëis word dat die skool demokraties georganiseer moet word, sal dit slegs anti-demokratiese praktyke tot gevolg hê, en sal die skool nie sy opvoedingsrol, veral wat betref morele opvoeding, effektief kan uitvoer nie. Omdat studente, volgens Dunlop nie as gelyke is met onderwysers nie kan hulle nie in 'n assosiasie met onderwysers saamkom en demokraties deelneem nie.

Volgens Dunlop kan die skool sy opvoedkundige funksie doeltreffend vervul, slegs as die verhoudings wat daar geld dié is wat kenmerkend is van die "Gemeinschaft". Vir hom is die skool met sy outoritêre hiërargie nié 'n vrywillige samekoms van gelykes wat uiteenlopende doelwitte nastreef nie. Bowendien kom studente nie reeds toegerus met 'n morele kultuur na die skool, soos wat die geval is by die

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

assosiasie nie, maar is van die onderwysers "afhanklik" om dit vir hulle te "leer". Dit is, volgens Dunlop, hierdie morele kultuur, wat studente geleer moet word, onder andere op skool en in die gesin, wat hulle later saam met hulle in hul assosiatiewe verhoudings sal inneem. Studente kan, volgens Dunlop, hierdie morele kultuur alleen aanleer in 'n opset waar die onderwysers hiërargies "oor" hulle staan en die student die onderwysers vertrou en na hulle opsien om hulle toe te rus vir hulle latere rol in assosiatiewe verhoudings. Dunlop gee toe dat dit moontlik en soms ook wenslik is dat studente by wyse van speletjies aan "demokratiese" besprekings deelneem, maar waarsku dat indien deelnemende demokrasie ernstig opgeneem word in die organisasie van die skool, dit uiteindelik die gunstige uitwerking van die hiërargiese onderwyser-student-verhouding sal verswak of selfs vernietig. Dunlop stel dit so:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

> ... the introduction of genuine ... democratic participation within schools would necessarily alter the fundamentally hierarchical relationship between teachers and taught, and lead to countless unforseen changes, making the central task of education, especially the passing on predominantly by example - of values, unformalisable skills, appreciations, ways of behaving, and so on, virtually impossible[75].

## 6.3 DIE GELDIGHEID VAN DUNLOP SE AANSPRAKE

Dunlop se aansprake hierbo, waarop sy hele argument berus,

https://etd.uwc.ac.za

kan soos volg saamgevat word:

6.3.1 Dat werklike deelnemende demokrasie slegs in assosiatiewe verhoudings, waar rasionele optrede en gelykheid gelokeer is, kan plaasvind.

6.3.2 Dat opvoeding, omdat dit binne die konteks van "ongelyke" verhoudings plaasvind, nie demokraties kàn wees nie en dus by "Gemeinschaftlich"-verhoudings tuis hoort.

Die probleem wat ek met Dunlop se aansprake en dus met sy argument het, is dat hy nie binne die ongelyke verhoudings van die skoolopset ruimte kan vind vir demokratiese deelname nie. Om demokrasie uit die skoolorganisasie te verwyder, laat opvoeding, wat my betref, blootgestel aan die beskuldiging dat dit anti-opvoedkundig is en verskil ek dus met Dunlop wat sê dat "the genuinely democratic school is ... anti-educational" (sien aanhaling hierbo).

Ek baseer my argument hoofsaaklik op wat Dunlop van die gemeenskap "Gemeinschaft" te sê het en sal argumenteer dat in teenstelling met wat Dunlop sê sy siening van gemeenskap nie demokratiese opvoeding tot gevolg kán hê nie en in werklikheid anti-opvoedkundig is. Dunlop se siening van gemeenskap stem ooreen met die neëntiende-eeuse siening van "gemeenskap" wat in hoofstuk 2 bespreek is, asook met die

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

totale gemeenskap in hoofstuk 5. Daardie siening van gemeenskap, het ek aangetoon, stel die funksionering van 'n gemeenskap gelyk aan dié van 'n biologiese organisme. Dit is dan ook hierdie siening van gemeenskap wat deel vorm van die Duitse sosioloog, Ferdinand Tönnies se onderskeid tussen "Gesellschaft" en "Gemeinschaft" waarop Dunlop sy argument baseer. In hoofstuk 3 is aangetoon hoedat hierdie idee ook sy weg na Suid-Afika gevind het, waar dit diep in die denke van Suid-Afrikaners gevestig geraak het en as 'n bedreiging voortleef vir enige pogings om 'n demokratiese opvoeding alhier tot stand te bring (hoofstuk 5). Dunlop se argument, soos wat dit op hierdie siening van gemeenskap gebaseer is, hou, wat demokratiese opvoeding betref, besliste gevare in en behoort dus as onoortuigend bewys te word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die probleem wat ek met Dunlop se argument het, is dat terwyl hy tereg tussen verskillende soorte menslike verhoudings soos wat dit in verskillende soorte organisasies voorkom, onderskei, tref hy nie ook 'n onderskeid tussen die verskillende maniere waarop demokratiese praktyke in verskillende organisasies beoefen kan word nie. Die skool, soos wat hy tereg uitwys, is nie 'n assosiasie ("Gesellschaft") nie, omdat die stel verhoudings wat dit kenmerk verskillend is van dié van 'n assosiasie ("Gesellschaft"). Dit wil egter nie sê dat die skool as gevolg dáárvan ongeskik is vir demokratiese praktyke nie.

https://etd.uwc.ac.za

Die verhoudings wat op skool geld is konstituerend van die skoolopset en kan nie anders wees nie. Sy argument is onoortuigend omdat hy deelnemende demokrasie slegs sien in terme van verhoudings tussen gelykes, dit wil sê in die assosiasie ("Gesellschaft"), want slegs daar word almal as gelykes aangesien. Dit blyk asof Dunlop deelnemende demokrasie slegs in terme van wat Bobbio[76] "direkte demokrasie" noem, sien. "Direkte demokrasie", volgens Bobbio, beteken die persoonlike deelname van individue aan besluitnemingsprosesse wat hulle raak. Dunlop maak dan die gevolgtrekking dat omdat die skool gekenmerk word deur ongelyke verhoudings, deelnemende demokrasie (direkte demokrasie), soos wat dit in die "Gesellschaft" plaasvind, nie moontlik is in die skool nie. Studente kan dus volgens Dunlop, nie as 'n belangegroep met gelyke status in die skoolopset, demokraties deelneem nie. Volgens Dunlop geld "Gemeinschaftlich"-verhoudings op skool en nie "Gesellschaftlich"- (assosiatiewe) verhoudings nie. Dunlop se argument verbind dus nie opvoeding noodwendig met demokrasie nie, maar sien dit as twee botsende konsepte.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Indien Dunlop, Pateman se siening van deelnemende demokrasie as uitgangspunt gebruik het, sou sy argument anders daaruit gesien het. Volgens Pateman is

> ... the major function of participation in the theory of participatory democracy ... an educative one[77].

Volgens Patemen is dit so omdat die teorie van deelnemende demokrasie gebou is rondom

> ... the central assertion that individuals and their institutions cannot be considered in isolation from one another[78].

Vir Dunlop kan opvoeding, wat die studente moet toerus om deel te hê aan assosiatiewe organisasies nadat hulle deur die skool is, slegs geskied in 'n gemeenskap (Gemeinschaft) waar die opvoeders hiërargies "oor" die leerlinge staan en nie op dieselfde vlak as hulle nie. Slegs in so 'n skool waar sulke verhoudings geld kan studente opgevoed word in die morele waardes wat hulle later nodig sal kry wanneer hulle tot assosiatiewe organisasies toetree. Dunlop se argument verwyder dus deelname uit die skool.

Vir Pateman daarenteen, kan slegs deelname die eienskappe ontwikkel wat nodig is vir deelnemende demokrasie. Hoe meer geleentheid individue kry om deel te neem hoe beter raak hulle daarin. Wat Pateman dus betref, is daar 'n noodwendige verband tussen opvoeding en demokrasie. Wat Dunlop betref bestaan daardie verband egter nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

My argument is dat dit Dunlop se siening van gemeenskap is wat sy argument onoortuigend maak. Deur die skool te sien in terme van 'n organiese gemeenskap, dit wil sê in terme van "Gemeinschaftliche"-verhoudings, kan hy nie die studente as bronne van behoeftes en menings en dus as deelnemers sien nie. Deur die verhoudings op skool in terme van "Gemeenschaftliche"-verhoudings te sien, word die skool vir Dunlop 'n plek waar die onderwysers deur hulle voorbeeld bepaalde waardes en tradisies bloot aan die studente moet oordra, sonder die moontlikheid van deelname deur laasgenoemde aan hul "opvoeding".

Ek is van mening dat Dunlop die fout begaan om skoling en opvoeding as een en dieselfde konsep te sien, (vergelyk Hoofstuk 4), sodat wanneer hy van opvoeding praat, hy in werklikheid skoling in gedagte het en nie "the most fundamentally educational ends of the school"[79] nie.

Die onderskeid wat ek in hoofstuk 4 tussen skoling en opvoeding getref het, dien om hierdie fout van Dunlop te illustreer. Skoling en opvoeding, is twee verskillende konsepte sodat wanneer Dunlop sê dat demokratiese deelname in skole nie op sigself studente moreel sal toerus nie, maar slegs die outoritêre skool, verwar hy twee rolle wat die skool mag speel. Dit wil sê dat die skool 'n skolingsrol wat wel in "Gemeinschaftlich"-verhoudings geskied en/of 'n

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

opvoedingsrol kan vervul, wat ook in "Gemeinschaftlich"-verhoudings moontlik, maar wel nie noodwendig, is nie. Alhoewel skoling opvoedkundig kán wees, is daar nie 'n noodwendige verband tussen die twee nie. Skoling kan geskied te midde van outoritêre verhoudings, soos wel in Suid-Afrika gebeur. So kan skoling ook dien om dominante en ondergeskikte verhoudings te versterk deurdat dit byvoorbeeld 'n bepaalde ideologie bevorder. Skoling kan bloot net 'n voortsetting wees van die sosialiseringsproses wat in die gesin begin en wat daarop gemik is om die kind in die tradisies van een of ander gemeenskap te sosialiseer. Wat ek met bostaande wil sê, is dat skoling kan geskied sonder enige noodwendige verbintenis met deelname. Dit is dus moontlik dat in 'n skolingsrol die opvoeder nie noodwendig die student sien as 'n deelnemer in 'n bepaalde aktiwiteit nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Opvoeding daarenteen, vereis 'n verbintenis met deelname (Pateman) wat gemik is op die ontwikkeling van 'n demokratiese karakter. Dit beteken egter nie dat die student gesien word as 'n deelnemer soos die rasionele deelnemers in Dunlop se assosiasie nie - die student as opvoedeling wat "afhanklik" is van die opvoeder kan dit uiteraard nie wees nie. Dit beteken wel dat in die skoolopset die opvoeder die student, wie se opvoeding hy wil bevorder, sal sien as 'n deelnemer, hoe gebrekkig ookal, in

https://etd.uwc.ac.za

bepaalde aktiwiteite. Dit volg dus dat die ingesteldheid wat hier van die opvoeder vereis word, verskillend sal wees as dié in Dunlop se "authoritarian school" waar dit van opvoeders verwag word om hiërargies "oor" die opvoedelinge te staan. In die demokraties-georganiseerde skool sal die opvoeder die student sien as 'n persoon met behoeftes en menings wat ruimte móét hê in die skoolopset om, hoe gebrekkig ookal, deur middel van deelname te leer om sy behoeftes en menings bekend te maak. Opvoeding vir demokratiese deelname kán dus nie floreer in 'n ruimte waar die verhoudings deur die moontlikheid van dwang en passiwiteit (soos wat in skoling moontlik is) gekenmerk word nie. Dunlop se skool sal dus skoling, en nie opvoeding nie, bevorder.

Vir my bly Dunlop se argument wat die demokratiese organisering van skole verwerp, onoortuigend. Hy gaan van die veronderstelling uit dat demokratiese deelname impliseer dat die deelnemers reeds toegerus is met die nodige waardes vir deelname en dat hierdie waardes in die skool aangeleer word, tog maak sy skool, wat hy in terme van "Gemeinschaftlich"-verhoudings definieer, nie voorsiening daarvoor nie en kan dít, wat in sy outoritêre skool plaasvind, nie as opvoeding beskou word nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 7

## GEMEENSKAPSBEHEER OOR SKOLE

My argument, in die vorige hoofstuk, kom daarop neer, dat 'n gemeenskap wat gekenmerk word deur gemeenskaplike ("Gemeinschaftliche"-) verhoudings, nie bevorderlik kan wees vir demokratiese opvoeding nie. Dit is egter moontlik dat so 'n argument gekonstrueer kan word as 'n verwerping van gemeenskapsbetrokkenheid by opvoeding. Dit is egter nie die geval nie. In hierdie hoofstuk neem ek die kwessie van gemeenskapsbeheer oor skole in oënskou en hoop om te bewys dat gemeenskapsbetrokkenheid wel 'n plek in opvoeding het. Ek gee hier aandag aan twee aspekte van gemeenskapsbeheer oor skole, naamlik, die vraag of gemeenskapsbeheer oor skole wenslik is en of gemeenskapsbeheer oor skole 'n demokratiese opvoeding tot gevolg sal hê.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 7.1 DIE WENSLIKHEID VAN GEMEENSKAPSBEHEER OOR SKOLE

Oproepe in Suid-Afrika dat gemeenskappe die beheer oor hul skole moet oorneem, (sien aanhaling heronder) geniet wye steun onder die polities-uitgeslotenes. Gemeenskapsbeheer oor skole word blykbaar gesien as deel van die politieke stryd wat die staat se mag in die Suid-Afrikaanse politiek effektief sal uitdaag en grootliks sal bydra tot die

https://etd.uwc.ac.za

daarstelling van 'n demokratiese opvoeding.

Die National Education Crisis Committee (NECC), doen in Mei 1987 soos volg verslag:

> Throughout the country from Soweto to Cradock the NECC has called on the community as a whole to take control of the schools, colleges and universities and to build a people's education that can serve the masses[80].

In 'n toonaagewende toespraak besin Zwelakhe Sisulu oor "alternatiewe skole" en stel as vereiste vir die aanvaarding van sulke skole dat dit

> must be accountable to the people ... In effect this means taking over the schools, transforming them from institutions of oppression into zones of progress and people's power[81].

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Aangesien ek in die tweede afdeling van hierdie hoofstuk aandag skenk aan die vraagstuk of gemeenskapsbeheer oor skole 'n demokratiese opvoeding tot gevolg sal hê, bepaal ek my hier slegs by die vraag of gemeenskapsbeheer oor skole wenslik is en wil met die aanhalings hierbo bewys hoe gemeenskapsbeheer oor skole, sonder meer, as wenslik beskou word in die alternatiewe diskoers omtrent opvoeding in Suid-Afrika.

https://etd.uwc.ac.za

Die argument wat ek hier aanvoer, is dat terwyl gemeenskapsbeheer oor skole in bepaalde omstandighede wel wenslik kan wees, dit in ander omstandighede nie wenslik mag wees nie.

Aangesien die term "gemeenskap" in Suid-Afrika polities belaai is en dikwels slegs verstaan kan word in terme van rassegroepe, gebruik ek die term hier in 'n neutrale sin tensy anders gemeld.

Sekerlik die vernaamste rede waarom die polities-uitgeslotenes in Suid-Afrika gemeenskapsbeheer oor skole eis, is dat hulle dit in verband bring met groter deelname aan die kant van die gemeenskap. Dit is so dat Suid-Afrika 'n hoogs gesentraliseerde opvoedingstelsel het en dat as gevolg daarvan besluite op nasionale vlak geneem word sodat landsburgers, veral die polities-uitgeslotenes, weinig seggenskap het ten opsigte van die opvoedingsbeleid en word dit van hulle verwag om bloot die diktate van die sentrale gesag uit te voer. Gemeenskapsbeheer word dus deur die polities-uitgeslotenes in verband gebring met demokratiese praktyke en word gemeenskapsbeheer om hierdie rede as wenslik gesien. Ek keer in die tweede afdeling van hierdie hoofstuk terug na die vraag of gemenskapsbeheer oor skole 'n demokratiese opvoeding tot gevolg sal hê.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Ten opsigte van die vraag of gemeenskapsbeheer oor skole wenslik is, is dit nodig om na te gaan watter soort deelname voorstanders van gemeenskapsbeheer oor skole in gedagte het wanneer hulle sulke aansprake maak. Die aanhalings hierbo gee nie 'n aanduiding van wat presies bedoel word wanneer daar 'n beroep gedoen word op die gemeenskap om die beheer oor hul skole oor te neem nie. Wat wel afgelei kan word, is dat gemeenskapsbeheer, ten alle tye as wenslik gesien word en dat daar 'n opvatting is dat sodanige beheer altyd te verkies is bo sentrale of nasionale beheer. Ek sal in my betoog aantoon dat gemeenskapsbeheer nie in alle gevalle wenslik is nie, maar dat daar bepaalde aspekte van die skoolopset kan wees wat meer effektief en in belang van die gemeenskap op nasionale vlak hanteer kan word. So kan daar ook aspekte wees wat meer doeltreffend deur die gemeenskap behartig kan word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit blyk uit bostaande aanhalings dat seggenskap oor die inhoud van die kurrikulum 'n belangrike aspek van gemeenskapsbeheer oor skole sou wees. Gegewe die Suid-Afrikaanse opset is dit wel moontlik dat daar 'n sterk en verstaanbare persepsie onder die polities-uitgeslotenes heers dat die inhoud van die kurrikulum, wat sentraal opgestel word, daarop ingestel is om hulle te manipuleer en te beheer deurdat dit hulle van selfstandige denke beroof. Gemeenskapsbeheer sou, volgens hierdie persepsie die

https://etd.uwc.ac.za

gemeenskap seggenskap gee ten opsigte van die inhoud van die kurrikulum en sal die behoeftes van die gemeenskap daardeur betekenisvol aangespreek kan word. Dit blyk uit die aanhalings hierbo dat groter gemeenskapsbeheer oor die kurrikulum daartoe sal lei dat die sentrale gesag nie die kurrikulum sal kan gebruik om die gemeenskap te manipuleer nie.

Groter seggenskap wat die gemeenskap betref oor onderwysaangeleenthede kan ook impliseer dat die gemeenskap die onderwysers moet kan aanstel en afdank in hul skole. Sodanige beheer kan ook insluit opleiding, sertifisering, promosie, verplasing, salaris- en diensvoorwaardes. Toe die Departement van Onderwys en Opleiding 'n onderwyser in die Oos-Kaap afdank, het die gemeenskap die onderwyser teruggestuur skool toe en geld ingesamel om hom te betaal[82]. Hierdie aangeleentheid hou ook verband met die teenkanting teen statutêre skoolkomitees wat onder andere aanbevelings doen ten opsigte van die aanstelling van onderwysers. In Desember 1985 het die NECC-konferensie 'n resolusie geneem om die skoolkomitees te vervang met "progressive parent, teacher, student structures"[83].

Die implikasie is dus dat waar so 'n gemeenskapsorganisasie die onderwysers aanstel hierdie "people's teacher(s)" gesien word as gemeenskapsonderwysers wat in belang van die

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

gemeenskap werk buite die gesag van die staat.

Dit blyk ook dat aansprake op gemeenskapsbeheer oor skole ook aspekte soos die skoolkalender en finansies insluit. Lulu Johnson stel dit soos volg:

> People will take a degree of control of the schools. For example they will decide when the schools ... will start and finish, how much ... school fees should be and so on. In this way we are breaking the shackles of oppression[84].

Vervolgens neem ek enkele van bostaande aspekte in oënskou om die wenslikheid al dan nie van gemeenskapsbeheer oor skole te bepaal.

7.1.1 Groter deelname

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Gemeenskapsbeheer oor skole ten einde groter deelname te verkry aan besluite rakende die onderwys is sekerlik wenslik. Dit is moontlik dat sodanige beheer die houvas wat die staat op onderwysaangeleenthede het, kan breek sodat mense seggenskap kry in besluite wat hulle lewe raak. Paul Hurst waarsku egter, dat sodanige deelname nie deelname moet wees "... which masquerades as participation ..." nie, maar dat dit deelname moet wees "... which genuinely extends the power to take a part in making decisions ..."[85].

https://etd.uwc.ac.za

Deelname wat nie insluit die mag om besluite te kan neem of besluite te kan veto nie, kan uiteraard nie groter deelname in die hand werk nie. Sodanige gemeenskapsbeheer kán nie werklik deelname wees nie en sal dus nie wenslik wees in 'n opset waar groter deelname die strewe is nie.

Gemeenskapsbeheer oor skole sal ook onwenslik wees indien besluitneming beperk sou wees tot 'n klein groepie binne die gemeenskap - of dit nou amptenare is wat deur die staat aangestel is en of dit verteenwoordigers van die gemeenskap is. In hierdie verband stem ek saam met Hurst wanneer hy argumenteer dat daar geen rede is om te glo dat so 'n groep meer verteenwoordigend van die gemeenskap sal wees of meer simpatiek ten opsigte van die gemeenskap se behoeftes en begeertes as die sentrale gesag nie[86]. Die doel van gemeenskapsbeheer behoort juis te wees om outokratiese besluitneming teen te werk. Die mees doeltreffende manier om dit te verseker, sou wees om die vryheid van elke lid van die gemeenskap om sy mening uit te spreek, te waarborg. 'n Outokratiese groep binne die gemeenskap sal alleen kan floreer op die stilswye van kritiesdenkende individue in die gemeenskap. Gemeenskapsbeheer oor skole wat ruimte laat vir kritiese denke en individuele menings sal nie net wenslik wees nie, maar sal ook noodsaaklik wees, waar die doel van gemeenskapsbeheer oor skole die beperking van outokratiese besluitneming is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

7.1.2 Die kurrikulum

Indien gemeenskapsbeheer oor die kurrikulum manipulasie aan bande sou lê, is sodanige beheer ongetwyfeld wenslik. Die vraag is egter of sodanige beheer noodwendig die gemeenskap sal vrywaar van manipulasie? Is die moontlikheid van manipulasie totaal uitgesluit sodra die gemeenskap die kurrikulum beheer? Dit blyk egter nie die geval te wees nie. Terwyl sodanige beheer wel daartoe kan bydra dat manipulasie aan bande gelê word, is dit egter nie noodwendig die geval nie.

McLean en Lauglo[87] is van mening dat dit die gebruik in die meeste onderwysstelsels is om kurrikulêre aangeleenthede aan professionele kenners oor te laat omdat geglo word dat leke nie oor die nodige bevoegdhede beskik nie. Hulle verwys veral na die voorbeeld van Engeland en Wallis waar daar oor die jare sterk aansprake was vir gemeenskapsbeheer oor kurrikulêre aangeleenthede, maar dat dit uiteindelik slegs die onderwysers is wat beheer het oor die kurrikulum eerder as die plaaslike gemeenskap. Dit blyk ook asof die gemeenskap maklik die idee aanvaar dat die onderwysers, omdat hulle direk by die onderwys betrokke is, die beste toegerus is om uitspraak te gee oor die kurrikulum. Dit volg dus dat waar besluite ten opsigte van kurrikulêre aangeleenthede in die hande van 'n bepaalde groep binne die

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

gemeenskap, in hierdie geval onderwysers, gelaat word, daar nie sprake kán wees van ware gemeenskapsbeheer nie. Gegewe hierdie toedrag van sake is daar weinig rede om te glo dat manipulasie deur middel van die kurrikulum nie tog wel kan plaasvind nie. Waar gemeenskapsbeheer oor die kurrikulum bloot daarop neerkom dat een stel manipuleerders (die sentrale regering) vervang word met 'n ander (byvoorbeeld onderwysers) bly sodanige beheer onwenslik.

McLean en Lauglo[88] is myns insiens korrek wanneer hulle argumenteer dat waar dit gaan om, wat hulle noem, plaaslike outonomie ten opsigte van onderwys, 'n aangeleentheid soos die kurrikulum nie gesien moet word as 'n ondeelbare eenheid nie, maar dat verskeie aspekte daarvan aan verskillende grade van plaaslike-, streeks- en nasionale invloed onderhewig gemaak kan word. So 'n siening laat wel ruimte vir effektiewe gemeenskapsbeheer oor aspekte van die kurrikulum. Aspekte van die kurrikulum wat onder gemeenskaps-, streeks- of nasionale bestuur mag staan, is byvoorbeeld die bepaling van die vakke, die leerplanne ten opsigte van daardie vakke, roosters, teksboeke en ander materiaal ten opsigte van die kurrikulum en onderwysmetodes. Waar die gemeenskap dus effektiewe seggenskap het oor sekere aspekte van die kurrikulum sal sodanige beheer wenslik wees eerder as oneffektiewe beheer oor aangeleenthede wat buite die vermoë van effektiewe gemeenskapsbeheer val.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

### 7.1.3 Die posisie van onderwysers

Die uiters gesentraliseerde onderwysstelsel in Suid-Afrika beteken dat onderwysers ook onder streng sentrale bestuur staan. 'n Moontlike gevolg hiervan is dat onderwysers se inisiatief en kreatiwiteit aan bande gelê kan word. Waar gemeenskapsbeheer ten doel het om die onderwysers te bevry van oormatige voorskriftelikheid, behoort sodanige beheer verwelkom te word.

In Suid-Afrika egter, waar 'n sterk groepsbewussyn heers en waar daar soos wat ek in hoofstuk 1 aangetoon het 'n sterk historiese verband tussen opvoeding en gemeenskap gelê is, bestaan die gevaar dat gemeenskappe beheer oor onderwysers eis om sodoende te verseker dat gemeenskapsonderwysers in hul skole aangestel word. Waar dit dan van die onderwyser verwag word om die voorskrifte van die gemeenskap uit te voer en gehoorsaam te wees aan die tradisies en die gebruike van die gemeenskap, kan so 'n toedrag van sake uiteindelik meer voorskriftelik wees as sentrale beheer en ook die onderwyser se selfstandigheid aan bande lê en sal sodanige beheer dus nie wenslik wees nie.

Dit is egter moontlik en wenslik om, soos in die geval van die kurrikulum, ook verskillende aspekte ten opsigte van die posisie van onderwysers (soos hierbo genoem) onderhewig te

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

maak aan verskillende grade van gemeenskaps- en nasionale-beheer sodat die gemeenskap doeltreffend beheer kan uitoefen oor daardie aspekte van die posisie van onderwysers waarvoor hulle verantwoordelik kan aanvaar.

## 7.2 GEMEENSKAPSBEHEER OOR SKOLE EN DEMOKRATIESE OPVOEDING

Die vraag wat ek hier sal probeer beantwoord, is of gemeenskapsbeheer oor skole 'n demokratiese opvoeding tot gevolg sal hê.

### 7.2.1 Dunlop se argument ten gunste van gemeenskapsbeheer oor skole

In terme van die onderskeid wat Dunlop tref tussen twee soorte menslike organisasies, naamlik die assosiasie ("Gesellschaft") en die gemeenskap ("Gemeinschaft") behoort die skool tot eersgenoemde. Die assosiasie, volgens Dunlop se argument, "... presupposes the voluntary coming together of free and 'equal' agents to further their own existent purposes"[89]. Die lede in hierdie organisasie is vry om ter enige tyd te onttrek. Die aard van die verhoudings in die assosiasie blyk volgens Dunlop ongeskik te wees vir die soort verhoudings wat hy as geskik en kenmerkend van die skoolopset sien.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Dunlop verwerp oproepe om skole demokraties te organiseer op grond daarvan dat die "morele kultuur" wat mense nodig het vir deelnemende demokrasie nie aangeleer word terwyl hulle met deelnemende praktyke besig is nie, "... but must be acquired outside it and brought to it"[90]. Deelnemende demokrasie, volgens hierdie argument, is dus nie geskik vir die skoolopset nie, omdat studente nie toegerus kom met die nodige "morele kultuur", wat, volgens hom, nodig is vir deelname nie, maar moet hulle dit in die skool aanleer. Die skool, volgens Dunlop, is die geskikste plek om hierdie "morele kultuur" aan te leer want alleen in 'n gemeenskap waar die onderwysers hiërargies "oor" die leerlinge staan, kan die skool sy mees fundamentele taak, naamlik, "... to inculcate respect for the moral law ..."[91] uitdra. Hy sien ook hierdie taak van die skool as soortgelyk aan dié van die kerk en die gesin.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is moontlik om 'n sterk argument ter ondersteuning van Dunlop se siening te genereer. Indien 'n mens demokratiese deelname sien in terme van verhoudings tussen gelyke deelnemers wat, wanneer hulle bymekaar kom, reeds toegerus is met die nodige "morele kultuur", dit moeilik is om die skoolopset in soortgelyke terme te sien. Studente kan nie gelyk wees aan onderwysers nie, in dié sin dat studente altyd "afhanklik" sal wees van die onderwysers. So gesien kan verhoudings op skool dus nie verhoudings tussen gelykes

https://etd.uwc.ac.za

wees nie en blyk die skool nie 'n geskikte plek te wees vir demokratiese praktyke nie.

Bostaande argument plaas, wat verhoudings betref, die skool binne die "Gemeinschaft" en is dit my argument dat as gevolg dáárvan so 'n skool nie 'n bydrae kán lewer tot demokratiese opvoeding nie. As eerste stap kyk ek nou na wat kenmerkend sal wees van so 'n gemeenskapskool.

7.2.2 Die gemeenskapskool wat deur "Gemeinschaftlich"-verhoudings gekenmerk word.

Die vraag waarna gekyk moet word, is: wat sal die doel van opvoeding wees in so 'n gemeenskapskool? Dunlop se argument voorsien 'n antwoord op hierdie vraag.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die gemeenskapskool sal dit hom ten doel stel om by die student die "morele kultuur" in te skerp ("inculcate") wat glo benodig word vir toetrede tot assosiatiewe verhoudings na die skoolloopbaan. Die doelwit wat nagestreef sou word, sal dus die kurrikulum van die skool onderlê en sal ook die verhoudings wat as geldig beskou sou word op skool, bepaal.

Die "Gemeinschaftlich"-verhoudings wat die gemeenskapskool kenmerk, beteken dat die skool nie rasionele denke sal kan aanmoedig nie omdat die onderwysers hier gesien sal word en

https://etd.uwc.ac.za

hulself sal sien as mense met 'n duidelike doelwit, naamlik die oordra van 'n bepaalde "morele kultuur" wat hulle by die studente moet inskerp. Wat dus van die onderwyser verwag sou word, is om die studente langs die weë waarvan hy 'n intieme kennis en ervaring het, te lei. Slegs op hierdie wyse kan hy seker maak dat die student die eienskappe sal hê wat hy na sy skoolloopbaan sal benodig. Waar die onderwyser as kenner lei, sal die studente móét volg.

Waar die onderwysers so 'n omskrewe doelwit het waarop hulle moet afstuur, beteken dit dat dwang 'n wesenlike element word van die opvoeding by so 'n skool. Wanneer die student om een of ander wyse nie na wense vorder nie of 'n gebrek aan belangstelling toon, hoef die onderwyser nie deur byvoorbeeld meer kreatiewe onderrigmetodes toe te pas of deur die student inspraak te gee in die leersituasie, die probleem aan te spreek nie, maar sal hy geregverdig wees om op grond van die doelwit waarop hy afstuur, die student bloot te dwing om die opdragte uit te voer. Anders gestel, daar sal niks in die verhoudings wees wat dwang as 'n opsie in hierdie opvoedingsproses uitsluit nie.

Waar die opvoedingsproses gekenmerk word deur dwang, beteken dit dat voorskriftelikheid 'n belangrike element sal wees in hierdie gemeenskapskool. Die bereiking van die vooropgestelde opvoedkundige doelwit, sal uiteraard makliker

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

bereik kan word, indien daar voorskrifte is wat studente stiptelik moet nakom. Terwyl voorskrifte 'n onafwendbare deel van die skoollewe mag wees, byvoorbeeld reëls ten opsigte van bywoning, die aflê van toetse, ensovoorts, gaan dit hier om voorskriftelikheid ten opsigte van die interaksie tussen onderwysers en studente. Dit beteken dat onderwysers nie studente se menings in ag hoef te neem wanneer hulle byvoorbeeld besluite neem oor watter onderrigmetodes die beste resultate lewer nie.

Die enkele aspekte hierbo, ten opsigte waarvan die gemeenskapskool gekenmerk word, sal, in teenstelling met wat Dunlop sê, nie 'n demokratiese opvoeding tot gevolg hê nie. Van belang is dat demokratiese opvoeding met bevryding te doen het, terwyl dit wat in die gemeenskapskool plaasvind veeleerder as 'n sosialiseringsproses beskou kan word, aangesien dit die student in 'n voorafbepaalde raamwerk (die "morele kultuur" van Dunlop) probeer inpas. In hierdie proses word die student nie as 'n individu gesien met sy eie behoeftes en menings nie en word daar dus nie ingesien dat hierdie behoeftes en menings 'n uitwerking sal hê op die leerproses en dus in ag geneem moet word nie, daarom dat voorskriftelikheid en dwang kenmerkend sal wees van hierdie proses.

Die vertrekpunt van demokratiese opvoeding is dat die

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

student se behoeftes en menings onafwendbaar die leerproses sal beïnvloed en dus geakkommodeer behoort te word. So 'n vertrekpunt veronderstel dat die student nie in isolasie van die leerproses gesien kan word nie, maar as 'n integrale deel daarvan. Hierdie siening veronderstel noodwendig die deelname van die student aan die totale leerproses. Alleen op hierdie wyse word demokratiese opvoeding 'n bevrydingsproses waarin kritiese denke 'n hoë prioriteit geniet, terwyl dwang en gepaardgaande daarmee, manipulasie, geen ruimte sal vind in so 'n proses nie.

Terwyl gemeenskapsbeheer oor skole dus bepaalde voordele kan inhou, soos wat vroeër aangetoon is, volg dit nie noodwendig dat demokratiese opvoeding daardeur bevorder word nie. Of gemeenskapsbeheer oor skole demokratiese opvoeding sal bevorder, sal afhang van die aard van die verhoudings in die gemeenskap en van die aard van sodanige beheer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

**HOOFSTUK 8**

## 'N AFRIKA-SIENING VAN GEMEENSKAP EN DEMOKRASIE EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR OPVOEDING

Dit blyk uit die voorafgaande hoofstukke dat waar gemeenskap gesien word in terme van 'n organiese eenheid ernstige beperkings op demokratiese gebruike gelê word. Die beklemtoning van die gemeenskaplikheid ter uitsluiting van individuele behoeftes en menings, blyk nadelig te wees vir die bevordering van demokratiese beginsels. In hoofstuk 4 het ek aangetoon dat dit nutteloos sal wees om in Suid-Afrika 'n beroep te doen op 'n konsep van gemeenskap in pogings om 'n demokratiese opvoeding alhier totstand te bring, juis omdat die heersende persepsie van gemeenskap in Suid-Afrika 'n organiese een is en dus nie veel sal kan bydra tot die daarstelling van demokratiese praktyke nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In hierdie hoofstuk ondersoek ek die moontlikheid van 'n Afrika-siening van gemeenskap en demokrasie wat verskil van Westerse sienings van dié konsepte en probeer dan bepaal, indien daar wel so 'n siening is, watter implikasies dit vir opvoeding inhou.

As eerste stap ondersoek ek die Afrika-siening van gemeenskap en neem daarna die siening van demokrasie wat daardeur gegenereer word in oënskou. Alhoewel die twee

https://etd.uwc.ac.za

konsepte nie betekenisvol geskei kan word nie behandel ek dit afsonderlik ter wille van groter duidelikheid. Ten slotte ondersoek ek die implikasies wat 'n Afrika-siening van gemeenskap en demokrasie vir opvoeding inhou.

## 8.1 'N AFRIKA-SIENING VAN GEMEENSKAP

Dit lei geen twyfel nie dat die inheemse bevolking van Afrika kolonialisme as uiters demoraliserend ervaar het. Kolonialisme het die inheemse bevolking se selfstandigheid vernietig en hul op geweldadige wyse van hul vryheid beroof. Tradisionele leefwyses is ontwrig en mense is onderwerp aan vreemde praktyke, polities en ekonomies asook vreemde kulturele waardes wat nie verband gehou het met hul tradisionele leefwyse nie. Dit is dus moontlik dat Westerse waardes en instellings gesien is as in 'n groot mate verantwoordelik vir hul onderdrukking, en begin daar, volgens Paul Nursey-Bray, 'n breë poging naby die einde van die koloniale tydperk in Afrika, "to enunciate genuine African values"[92]. Daarmee dan, is die grondslag gelê vir die siening dat Afrika-waardes "anders" is as dié van die Weste. Dit was veral die Negritude-beweging[93] wat, aangevuur deur die werke van veral twee Wes-Indiese intellektueles, Léon Damas en Aimé Césaire en een skrywer van Wes-Afrika, Leopold Senghor, deur middel van poësie en ander letterkundige genres die soektog begin het na die

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

outentieke Afrika-identiteit wat die Europese liberaal-demokratiese waardes-strukture van die koloniale tydperk moes vervang. Hierdie outentieke Afrika-identiteit blyk geassosieer te word met unieke Afrika-instellings en norme wat in die pre-koloniale Afrika-gemeenskap gegeld het, maar deur Westerse instellings en norme vervang is.

Dit is dus hierdie pre-koloniale konsep van gemeenskap wat teruggevind moes word om die "wonde" wat deur kolonialisme veroorsaak is, te genees.

Dit was veral Leopold Senghor en Julius Nyerere, beide digter-presidente van Afrika-state, asook politieke teoriste, wat die kenmerke van die tradisionele Afrika gemeenskap op so 'n wyse uiteensit dat dit van sy Europese eweknie verskil het. Senghor kontrasteer byvoorbeeld die gemeenskaplike aard van die Afrika-bevolking met die kollektivisme wat volgens hom kenmerkend is van die Europeër. Dit beteken, wat hom betref, dat die tradisionele Afrika-gemeenskap mededeelsaamheid en die integrasie van die individu in die gemeenskaplike geheel tot sy hoogste waardes verhef het en verskil dit in hierdie belangrike opsig van die individualisme van die Europese bevolking wat die samelewing as die somtotaal van diskrete individue sien, dit wil sê, as 'n kollektief eerder as 'n gemeenskap[94].

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Vir Senghor is dit die gesin wat, in die Afrika-konteks, die basis van die gemeenskaplike aard van die gemeenskap vorm[95]. Volgens hom is dit die gesin wat die tradisies waarop die toekoms gebou word, bewaar en dit is hierdie tradisies waarin die gemeenskaplike aard van die Afrika-bevolking opgesluit lê en waarin eiendom en werk gedeel word. Daarom dat die Afrika-siening van eiendom verskil van die Europese siening daarvan deurdat die produksiemiddele, die land en sy rykdom, die grond en wat daarin is, nie besit kan word nie, maar gemeenskaplik gedeel word - soos wat daar binne 'n gesin gedeel word.

Vir Senghor beteken die verskil in siening van gemeenskap tussen Afrika en Europa ook verskille ten opsigte van hoe realiteit benader word[96]. Die Europeër, volgens hom, benader realiteit vanuit 'n rasionele en intellektuele oogpunt terwyl die Afrika-benadering affektief en induktief is en vir die individu 'n geïntegreerde en emosioneel-deelnemende lewe binne die gemeenskap verseker.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Nyerere se siening van die tradisionale Afrika-gemeenskap stem ooreen met dié van Senghor. Vir Nyerere[97] is die tradisionele Afrika-gemeenskap gebasseer op liefde, familiebande, eenheid en gelykheid. Die georganiseerde strewe na selfsugtige doelwitte tydens die koloniale tydperk was, volgens hom, vreemd vir die Afrika-inwoners en is,

https://etd.uwc.ac.za

volgens Nyerere sowel as Senghor vreemde Europese waardes wat deur kolonialisme na Afrika gebring is. Dit is hierdie vreemde waardes wat, volgens Nyerere, die eenheid van die Afrika-gemeenskap verswak het. Ten grondslag van hierdie eenheid was die beginsel van gelykheid wat in Afrika gegeld het. Om hierdie rede sien Senghor ook die tradisionele gemeenskap as klasloos en beskryf klasseverskille as 'n Europese produk wat vreemd is ten opsigte van die tradisionele Afrika-ervaring. Nyerere huldig dieselfde mening ten opsigte van gelykheid wanneer hy sê, dat in die "traditional African society everybody was a worker. There was no other way of earning a living in the community"[98]. Dit is op grond van hierdie sienings van klasloosheid en gemeenskaplikheid dat sosialisme deur Nyerere en Senghor sowel as feitlik elke Afrika-leier aangehang is en behoort die sosialistiese verlede van Afrika, volgens hulle, herontdek te word sodat 'n sosialistiese toekoms geskep kan word, waarin die tradisionele Afrika-waardes van gemeenskaplikheid, gelykheid en eenheid weer kan geld[99].

Dit blyk asof hierdie siening van "gemeenskap" ooreenstem met Ferdinand Tönnies se "Gemeinschaft" (Hoofstuk 6), wat gekenmerk word deur sterk gemeenskaplike bande en 'n miskenning van outonomie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## 8.2 'N AFRIKA-SIENING VAN DEMOKRASIE

Op grond van die voorafgaande siening van gemeenskap, kan die afleiding gemaak word dat die tradisionele Afrika-bevolking deur Afrika-teoriste gesien word as die ideale kommunale gemeenskap en dat dit hierdie tradisionele en ideale gemeenskaplikheid is wat wreed deur kolonialisme ontwrig is. Kolonialisme sou, daarvolgens, 'n Westerse liberaal-demokratiese waardestelsel na Afrika gebring het, wat vir die Afrika-bevolking 'n vreemde ervaring was en gekenmerk is deur 'n oorbeklemtoning van die belange van die individu tot nadeel van die gemeenskap. Die Westerse waardestelsel verteenwoordig, volgens hierdie siening, 'n strewe na materiële welvaart in teenstelling met die klem wat in die tradisionele Afrika op affektiewe gemeenskaplikheid geplaas is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is belangrik om te verstaan dat bostaande siening van gemeenskap die basis vorm van die teorie van Afrika-demokrasie. Soos ek sal aantoon, is dit hierdie gemeenskaplike aard van die tradisionele Afrika-bevolking wat, volgens baie Afrika-leiers, 'n demokratiese model daarstel wat van dié van die Weste verskil. Hierdie Afrika-model van demokrasie word essensieel gesien as 'n vorm van demokrasie wat bespreking en deelname aanmoedig ten einde konsensus te bereik, sonder dat daar noodwendig verskillende

https://etd.uwc.ac.za

belangegroepe hoef te bestaan, soos wat die geval in die Westerse model is. Senghor praat soos volg oor hierdie gemeenskaplike Afrika-demokrasie:

> We have our own conception of democracy, the African conception, in no way inferior to that of Europe. We would do well to go back to it. It is founded, at least among the Negroes and Berbers, on the "palaver"[100].

Die "palaver", volgens hom, is 'n dialoog of bespreking waaraan almal beurtelings deelneem en 'n mening uitdruk (vroeër is selfs die dooies geraadpleeg). Op hierdie wyse is daar konsensus bereik en 'n meerderheidsbesluit geneem, wat die sogenaamde "algemene wil" verteenwoordig het en wat deur die minderheid aanvaar is en streng toegepas is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Nyerere het 'n soortgelyke siening van Afrika-demokrasie wanneer hy in 'n essay getiteld, "One Party Government", die volgende sê:

> Basically democracy is government by discussion as opposed to government by force, and discussion between the people or their chosen representatives as opposed to a hereditary clique. Under the tribal system whether there was a chief or not, African society was a society of equals, and it conducted its business by discussion[101].

Dit is belangrik, vir die verdere bespreking van hierdie onderwerp en ook vir, die oorweging van die implikasies van

https://etd.uwc.ac.za

hierdie siening van demokrasie vir opvoeding om te beklemtoon dat die Afrika-siening van demokrasie, soos dit uit die voorafgaande blyk, gelokeer is in 'n bepaalde konsepsie van die aard van die tradisionele Afrika samelewing en is onlosmaaklik verbind aan die idee dat die samelewing soortgelyk is aan 'n gemeenskap wat nie gekenmerk word deur verdeeldheid en ongelykheid nie.

Gemeenskaplikheid en gelykheid is dus beklemtoon as onontbeerlik vir die beoefening van demokrasie in die Afrika-siening van gemeenskap. Hierdie siening van demokrasie vind prakties uitdrukking in die eenparty-stelsel wat deur feitlik alle Afrika-state geïmplementeer is nadat hulle die koloniale juk afgewerp het.

Vervolgens neem ek die eenparty-staat in oënskou.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 8.2.1 Die eenparty-staat as uitdrukking van 'n Afrika-siening van demokrasie

In sy verdediging van die eenparty-staat, laat Nyerere hom soos volg uit:

> Where there is one party and that party is identified with the nation as a whole, the foundations of democracy are firmer that they can ever be when you

https://etd.uwc.ac.za

> have two or more parties each representing only a section of the community[102].

Die onderliggende oortuiging hier is dat die burgers van 'n land, gemeenskaplike of identiese politieke sienings huldig, wat maklik binne 'n enkele party geakkommodeer kan word. Daar kan dus nie binne so 'n gemeenskap verskillende belangegroepe bestaan nie.

Nyerere verwerp die veelparty-staat op grond daarvan dat dit vreemd is aan die tradisionele Afrika-ervaring en 'n Europese model is wat botsende klassebelange reflekteer. Die eenparty-staat, volgens Nyerere, sal daarvoor sorg dat nasionale aangeleenthede nie in 'n "voetbalwedstryd" ontaard tussen strydende faksies nie ('n verwysing na die Westerse liberale-demokrasie) omdat dit met "... the nation as a whole ..." geïdentifiseer word[103]. In hierdie siening van "gemeenskap" word deelname dus toegelaat solank dit binne die norme van die gemeenskap geskied. Sodanige beperkings strook, myns insiens, nie met demokratiese praktyke nie.

Dit dien daarop gewys te word dat daar sterk teenargumente gevoer word vir Afrika-teoriste se aanspraak dat die pre-koloniale Afrika-gemeenskap deur demokratiese praktyke gekenmerk is. In 'n artikel getiteld, "The democratic myth in the African Traditional Societies", is dit, volgens V.G. Simiyu,

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

> ... it is quite elusive to try to prove that democracy existed in these societies before the coming of colonialism[104].

Volgens hom toon sy noukeurige analise van die politieke instellings en meganismes van die pre-koloniale Afrika-gemeenskappe 'n mengsel van,

> ... rudiments or democratic tendencies and practices on the one hand and aristocratic, autocratic and/or militaristic practices and tendencies, with varying degrees of despotism on the other[105].

Sy gevolgtrekking is dat kolonialisme nie 'n suiwer gevestigde demokratiese tradisie in Afrika gevind het nie. Hy gee egter toe dat daar wel positiewe aspekte was wat demokratiese beginsels kon bevorder, maar dat "by and large .. there were hardly any democratic traditions in the pre-colonial days[106]".

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Simiyu bewys sy standpunt aan die hand van 'n ontleding van bepaalde Afrika-gemeenskappe ten opsigte van vier areas, naamlik, toegang tot die besit van eiendom, besluitneming, toelating tot verskillende rolle en die beslissing van dispute. Hy bevind in die algemeen, byvoorbeeld, dat politieke gesag volgens 'n baie streng hiërargie uitgeoefen is. Die oudste lid van die stam was gewoonlik die leier en was hy, saam met die ander oudstes, die bewaarders van die

https://etd.uwc.ac.za

stam se geheime en tradisies, 'n taak wat hulle met groot toegewydheid gedoen het aangesien dit 'n bron van gesag was wat hulle oppergesag oor die hele stam verseker het. Daarbenewens het die oudstes ook absolute beheer gehad oor die stam se eiendom. In die hiërargie is ouderdom hoog aangeskryf en het dit gepaard gegaan met gesag. Jongmense is gewoonlik uitgesluit uit die raad van oudstes wat beslissings oor 'n verskeidenheid aangeleenthede moes gee. Ook vroue is uitgesluit. Wat betref deelname, het besprekings slegs binne die gesin of stam plaasgevind voordat besluite geneem is. Simiyu meen dat dit hierdie prosedure is wat Nyerere "the essence of traditional African democracy"[107] noem.

Simiyu se analise van die pre-koloniale Afrika-gemeenskap verskil ingrypend van dié van Senghor en Nyerere en blyk dit op grond van Simiyu se model dat daar weinig sprake kon wees van gelykheid of van deelname wat op 'n sterk demokratiese tradisie in pre-koloniale Afrika kon dui. Die gelykheid wat daar wel was, blyk volgens Simiyu, slegs beoefen te gewees het op die vlak van ouderdomsgroepe en status terwyl dit van elkeen verwag was om sy plek in die hiërargie te ken en as onvermydelik te aanvaar. Ook wat deelname betref, blyk dit dat besprekings slegs binne die stam plaasgevind het en nie tussen verskillende belangegroepe in die gemeenskap nie. Dit is hierdie vorm van deelname wat in die eenparty-staat

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

uitdrukking gevind het na kolonialisme.

Gegewe Senghor en Nyerere se siening van pre-koloniale Afrika, asook die verskillende beeld wat Simiyu daarvan gee, blyk dat daar wel 'n Afrika-siening van gemeenskap en demokrasie is wat verskil van Westerse sienings daarvan. Die verskil lê daarin dat die Afrika-siening gemeenskaplikheid beklemtoon, 'n gemeenskaplikheid wat ooreenstem met die organiese gemeenskap (Hoofstuk 2), die totale gemeenskap (Hoofstuk 5) en dié in Tönnies se "Gemeinschaft" (Hoofstuk 6). Hierdie siening van gemeenskap, soos wat uit genoemde hoofstukke blyk, laat weinig ruimte vir outonomie. Die eenparty-staat waarin hierdie siening van gemeenskap politieke uitdrukking vind, verskil ook van die Westerse siening van demokrasie op grond daarvan dat verskillende belangroepe in die Westerse veelparty-staat geakkommodeer word en individuele vryheid dus daarin ruimte vind.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Vervolgens skenk ek aandag aan die implikasies wat 'n Afrika-siening van gemeenskap en demokrasie vir opvoeding inhou.

**8.3 DIE IMPLIKASIES VAN 'N AFRIKA-SIENING VAN GEMEENSKAP EN DEMOKRASIE VIR OPVOEDING**

Die klem wat die Afrika-siening van gemeenskap op

https://etd.uwc.ac.za

gemeenskaplikheid lê, hou bepaalde implikasies in vir individuele vryheid. In 'n gemeenskap waar mense gesien word as bronne van behoeftes en menings, sal daar ruimte wees vir die nastreef van daardie behoeftes sowel as vir die uitdrukking van individuele menings. Die Afrika-siening van gemeenskap en demokrasie laat egter nie daardie ruimte toe nie.

Die argument wat ek hier aanvoer, is dat die Afrika-siening van gemeenskap en demokrasie nie bevorderlik is vir demokratiese opvoeding nie omdat individuele vryheid in hierdie gemeenskap aan bande gelê word, terwyl daar 'n noodwendige verband tussen demokratiese opvoeding en vryheid is. Soos aangetoon, word die vryheid van die individu in die Afrika-gemeenskap vooraf omskryf en begrens en word daar 'n streng hiërargie gehandhaaf (volgens Simiyu) wat nie bevraagteken word nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit wil dus voorkom asof opvoeding in so 'n opset nie daarop ingestel sal wees om kritiese denke te ontwikkel nie, aangesien dit slegs tot botsing binne die gemeenskap waar gemeenskaplikheid beklemtoon word, sal lei. Omdat die voortbestaan van die Afrika-gemeenskap op gemeenskaplikheid aangewys is, kan die afleiding gemaak word dat die handhawing van tradisies en gebruike 'n belangrike aktiwiteit sal wees, sodat nie opvoeding nie, maar wel

https://etd.uwc.ac.za

sosialisering in die gebruike en tradisies van die gemeenskap van groot belang sal wees. Van die lede word nie verwag om hierdie gebruike en tradisies te bevraagteken nie sodat die ontwikkeling van kritiese denke oorbodig sal wees in so 'n gemeenskap en selfs 'n bedreiging sal inhou vir die sinvolle voortbestaan van die gemeenskap.

Vir sy optimale funksionering benodig die Afrika-gemeenskap mense wat 'n integrale deel sal vorm van die gemeenskap as geheel sodat hulle geheel en al hul individualisme moet prysgee en opgaan in die gemeenskaplikheid wat konstituerend is van dié gemeenskap. Van opvoeding sal in hierdie gemeenskap verwag word om mense al hegter aan hul gemeenskap te bind en nie om hulle meer selfstandig in hul denke te maak nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Terwyl Afrika-leiers, soos Nyerere, se klem op gelykheid binne die gemeenskap (sien aanhaling hierbo) verstaanbaar is in die lig van die ongelyke verhoudings van die koloniale tydperk, blyk dit asof daar 'n persepsie by hierdie leiers bestaan dat demokratiese praktyke slegs moontlik is in 'n gemeenskap van gelykes. Volgens Nyerere, soos reeds aangehaal, is konsensus in die tradisionele Afrika-gemeenskap bereik na bespreking deur <u>gelykes</u> en stel hy dus daarmee gelykheid as 'n voorvereiste vir demokratiese praktyke. Dit beteken egter dat opvoeding op grond van

https://etd.uwc.ac.za

hierdie siening uit die arena van demokratiese praktyke verwyder word, aangesien opvoedkundige verhoudings uiteraard verhoudings tussen ongelykes is. Daar is uiteraard altyd 'n "ongelyke" verhouding tussen opvoeder en opvoedeling. Dit beteken dus dat, in die Afrika-siening van "gemeenskap" daar nie ruimte gelaat word vir demokratiese praktyke nie. Die Afrika-konsep van gemeenskap plaas opvoeding, soos Dunlop, binne die "Gemeinschaft" (Hoofstuk 6) en beperk sodoende die moontlikheid van demokratiese deelname.

Dit blyk dus uit bostaande dat 'n Afrika-siening van "gemeenskap" en "demokrasie" opvoeding sien as 'n sosialiseringsproses met die doel om die lede van die gemeenskap voor te berei om 'n voorafbestemde plek en rol in die gemeenskap te vul en om toe te sien dat individuele behoeftes en belange ten alle tye ondergeskik gestel word aan dié van die gemeenskap. So 'n siening van opvoeding relegeer die individu tot 'n slaafse navolger en dienaar van dít wat vir hom voorgehou word as in belang van die gemeenskap en word konformiteit die hoogste prioriteit van opvoeding. Sodanige opvoeding is anti-demokraties.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

**SLOT**

In die voorafgaande hoofstukke het ek meer lig probeer werp op die betekenis van die konsep "gemeenskap" en die implikasies wat dit vir demokratiese opvoeding inhou.

Die gevolgtrekking waartoe ek gekom het aan die einde van hierdie mini-tesis, is dat "gemeenskap" belemmerend inwerk op demokratiese opvoeding. Anders gestel: Ek het bevind dat "gemeenskap" en "demokratiese opvoeding" nie versoenbare konsepte in die Suid-Afrikaanse opset kán wees nie.

"Gemeenskap", soos wat in Suid-Afrika verstaan word, beklemtoon dit wat "eie" is aan 'n bepaalde bevolkingsgroep en dra sodoende by tot die handhawing van eksklusiwiteit ten opsigte van die verskillende bevolkingsgroepe - 'n probleem wat juis oplossings benodig. "Demokratiese opvoeding" blyk in botsing te wees met so 'n siening, aangesien dit die ontwikkeling van selfstandigheid by mense ten doel het (hoofstuk 4). 'n Konsep wat dus gemeenskaplikheid beklemtoon, kán nie terselfdertyd demokratiese opvoeding bevorder nie.

Waar dit die strewe van die polities-uitgeslotenes in Suid-Afrika is om 'n demokratiese opvoeding tot stand te bring, gaan die sukses van daardie strewe dus in 'n betekenisvolle

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

mate afhang van hoe hulle hulself sien of verstaan. Sou hulle hulself sien as 'n gemeenskap en daarmee bedoel ek 'n gemeenskap wat byvoorbeeld gekenmerk word deur die gemeenskaplike-verhoudings van Tönnies se "Gemeinschaft" sal "demokratiese opvoeding" nie die logiese gevolg van hul strewes wees nie. Inteendeel, dit sal anti-demokratiese opvoeding as logiese gevolg hê.

Dit blyk uit die voorafgaande dat die onvermoë van "gemeenskap", in die Suid-Afrikaanse konteks, om "demokratiese opvoeding" te bevorder, toegeskryf kan word aan die miskenning van die individu as bron van behoeftes en menings. Ek het in die vorige hoofstukke probeer aantoon dat waar daar hierdie miskenning van die individu se selfstandigheid was, die beoefening van demokratiese praktyke in die slag bly. Dit is duidelik dat hoe sterker die strewe na gemeenskaplikheid hoe meer beperkend werk dit in op die outonomie van die individu (vergelyk die "totale gemeenskap" in hoofstuk 5) en hoe meer word die beoefening van demokratiese praktyke daardeur aan bande gelê. Dit volg dus dat in verhoudings waar die individu se selfstandigheid as denkende wese erken, ruimte geskep word vir die beoefening van demokratiese praktyke.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

**NOTAS**

1. R. Williams, Keywords, Glasgow: 1976 in B. Bozzoli Class, Community and Conflict: Southern African Perspectives, Johannesburg: Ravan, 1987, p 5.

2. Bozzoli, op cit, p 5.

3. B. Rose, (et al) (reds) Documents in South African Education, Johannesburg: Ad. Donker, 1975, p 208.

4. ibid, p 208.

5. ibid, p 211.

6. ibid, p 213.

7. ibid, p 213.

8. ibid, p 214.

9. ibid, p 232

10. ibid, p 232.

11. ibid, p 232.

12. ibid, p 228.

13. ibid, p 248.

14. ibid, p 248.

15. ibid, p 249.

16. ibid, p 250.

17. ibid, p 252.

18. Hierdie wet het die administrasie en beheer van swart onderwys weggeneem van die verskeie provinsiale administrasies en dit in die hande van die Unieregering geplaas.

19. Toespraak van Dr H.F. Verwoerd in die Senaat, 7 Junie 1954, in B. Rose (et al), op cit, p 260.

20. ibid, p 262.

21. ibid, p 265.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

22. I. Berlin, Against the Current: Essays in the History of Ideas, London: Oxford University Press, 1981, p 338.

23. ibid, pp 341-343.

24. ibid, p 346.

25. Die Nasionale Party wat in 1948 in Suid-Afrika aan bewind gekom het, verteenwoordig die politieke aspirasies van die Afrikaners as "nasie". Die beleid van Apartheid, wat die afsonderlike ontwikkeling van bevolkingsgroepe propageer, is 'n skepping van hierdie party.

26. G.D. Scholtz, Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, 1924-1939, Deel VII; Johannesburg: Perskor, 1977, p 449.

27. C.F.J. Muller, 500 Jaar, Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Pretoria: Academica, 1975, p 190.

28. P.J. Nienaber (et al), Die Afrikaanse Bybelvertaling, Kaapstad: Nassou, (Derde Druk), 1963, pp 10-11.

29. Muller, op cit, p 276.

30. ibid, p 363.

31. J.C. Kannemeyer, Die Afrikaanse Literatuur, 1652-1981, Kaapstad: Human en Rousseau, 1990, p 32.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

32. ibid, p 28.

33. ibid, p 27.

34. ibid, op cit, p 27.

35. ibid, p 29.

36. G. Dekker, Die Afrikaanse Literatuurgeskiedenis, Kaapstad: Nassou, 1961,p 14.

37. Kannemeyer, op cit, p 29.

38. D.J. Opperman, Groot Verseboek, p 6.

39. Berlin, op cit, p 343.

40. Kannemeyer, op cit, p 30.

https://etd.uwc.ac.za

41. ibid, p 31.

42. Opperman, op cit, p 45.

43. W.E. Morrow, Chains of Thought: Philosophical Essays in South African Education, Johannesburg: Southern Book Publishers, 1989, p 63.

44. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet No. 110, 1983.

45. Die Burger, 25 Februarie 1984.

46. Hansard, Vol 106 Volksraad, 1983, kolom 6363.

47. Hansard, Vol 107 Volksraad, 1983, kolom 7204.

48. Hansard, Vol 107, Volksraad, 1983, kolom 7205.

49. Hansard, Vol 107, Volksraad, 1983, kolom 7243.

50. Hansard, Vol 107, Volksraad, 1983, kolom 7243.

51. McKenzie, M., "Who is People's Education?", Pietermaritzburg: Universiteit van Natal, in Mentor, Nov. 1986, p 66.

52. ibid, p 66.

53. ibid, p 66.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

54. ibid, p 66.

55. Z. Sisulu, "People's Education for People's Power," Keynote address, National Education Crisis Committee, 29 March 1986 in People's Education: A collection of Articles from December 1985 - May 1987, p 37.

56. ibid, p 37.

57. Work in progress, No. 42, Mei 1986, N.E.C.C.

58. Dr. H.F. Verwoerd, Toespraak gelewer in die Volksraad, 7 Junie 1954, in B. Rose (et al) op cit, p 262.

59. E. Molobi, "The university as white elephant" in Frontline, Vol 6, No. 9, Maart 1987, p 27.

60. ibid, p 27.

61. Sisulu, op cit, p 37.

https://etd.uwc.ac.za

62. Morrow, op cit, p 66.

63. S.I. Benn, A Theory of Freedom, Cambridge: Cambridge University Press, 1988, p 225-226.

64. ibid, p 225.

65. ibid, p 230.

66. ibid, p 232.

67. G. Dworkin, The Theory and Practice of Autonomy, Cambridge: Cambridge University Press, 1989, p 259-265.

68. S. Pendlebury, "Community, Liberty and the Practice of Teaching" in Studies in Philosophy and Education, (plek en uitgewer onbekend), Vol 10, 1990, p 72.

69. Benn, op cit, p 266.

70. Sisulu, op cit, p 37.

71. F. Dunlop, "On the democratic organisation of schools", in Cambridge Journal of Education, Cambridge: Cambridge University Press, Vol 9, 1979.

72. ibid, p 46.

73. Ferdinand Tönnies, Community and Society, New York: 1963, p 231. "Gemeinschaft" word soos volg gedefinieer (pp 228-229): "Family life is the general basis of life in the Gemeinschaft. It subsists in village and town life. The village community and the town themselves can be considered as large families, the various clans and houses representing the elementary organisms of its body ... Here original kinship and inherited status remain an essential, or at least the most important, condition of participating fully in common property and other rights ... in Gemeinschaften property is considered as participation in the common ownership and as a specific legal concept is entirely the consequence and result of freedom or ingenuity, either original or acquired."

74. Dunlop, op cit, p 48.

75. ibid, p 53.

76. N. Bobbio, The Future of Democracy, Cambridge: Polity Press, 1987, p 44.

https://etd.uwc.ac.za

77. C. Pateman, Participation and Democratic Theory, Cambridge: Cambridge University Press, 1970, p 42.

78. ibid, p 42.

79. Dunlop, op cit, p 46.

80. "People's Education for People's Power" in People's Education, op cit, p 55.

81. Sisulu, op cit, p 37.

82. ibid, p 36.

83. ibid, p 36.

84. L. Johnson, "Students Struggles": in People's Education, op cit, p 19.

85. P. Hurst, "Decentralization: Panacea or Red Herring?" in J. Lauglo (et al), The Control of Education International Perspectives on the Centralization - Decentralization Debate, London: Heineman Educational Books, 1985, p 80.

86. ibid, p 80.

87. M. McLean (et al) "Introduction: Rationales for Decentralization and a Perspective from Organization Theory", in Lauglo (et al), op cit, p 7.

88. ibid, pp 7-8.

89. Dunlop, op cit, p 50.

90. ibid, p 45.

91. ibid, p 46.

92. P. Nursey-Bray, "Consensus and Community: The theory of African one-party democracy" in G. Duncan (red), Democratic Theory and Practice, Cambridge: Cambridge University Press, 1983, p 96.

93. ibid, p 96.

94. ibid, p 98.

95. ibid, p 98.

96. ibid, p 99.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

97. ibid, p 99.

98. ibid, p 100.

99. ibid, p 100.

100. J. Reed en C. Wake (reds), Senghor: Prose and Poetry, London: (uitgewer onbekend), 1965, p 44 in P. Nursey-Bray, op cit, p 100.

101. J. Nyerere, Titel onbekend in Transition, 1:3, Desember 1961, p 9 in P. Nursey-Bray, op cit, p 101.

102. J. Nyerere, Freedom and Unity, p 196 soos aangehaal deur P. Nursey-Bray, op cit, p 105.

103. ibid, p 105.

104. V.G. Simiyu, "The democratic myth in the African traditional Societies" in W.O.Oyugi (et al) (reds), Democratic Theory and Practice in Africa, Kenya: Heineman, 1988, p 51.

105. ibid, p 51.

106. ibid, p 55.

107. ibid, p 62.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

**BIBLIOGRAFIE**

G Altbach (et al) (reds) Education and the Colonial Experience, New Brunswick (USA) and London (UK): Transaction Books, 1984

B Anderson Imagined Communities; Reflections on the Origin and Spread of Nationalism, London: Verso, 1989

A L Behr New Perspectives on South African Education: A view of Education in South Africa, 1652-1984, Durban: Butterworths, 1984

S I Benn A Theory of Freedom, Cambridge: Cambridge University Press, 1988

I Berlin Against the Current: Essays in the History of Ideas, Oxford: Oxford University Press, 1981

N Bobbio The Future of Democracy, Cambridge: Polity Press, 1987

B Bozzoli (red) Class Community and Conflict; South African Perspectives, Johannesburg: Ravan 1987

M Bray (et al) Education and Society in Africa, London: Edward Arnold (Publishers), 1986

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

G Dekker Die Afrikaanse Literatuurgeskiedenis, Kaapstad: Nasou, 1961

G Duncan (red) Democratic Theory and Practice, Cambridge University Press, 1983

G Dworkin The Theory and Practice of Autonomy, Cambridge: Cambridge University Press, 1989

H Giliomee (et al) From Apartheid to Nation-Building, Cape Town: Oxford University Press, 1989

P Kallaway (red) Apartheid and Education; The Education of Black South Africans, Johannesburg: Ravan Press, 1986

J C Kannemeyer Die Afrikaanse Literatuur, 1652-1987, Kaapstad: Human en Rousseau, 1990

J Kovesi Moral Notions, London: Routledge and Kegan Paul, 1967

J Lauglo (et al) (reds) The Control of Education, International Perspectives on the Centralization - Decentralization Debate, London: Heineman Educational Books, 1985

L May The Morality of Groups, Notre Dame: University of Notre Dame Press, 1987

W Morrow Chains of Thought: Philosophical Essays in South African Education, Cape Town: Southern Book Publishers, 1989

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

C F J Muller 500 Jaar, Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Pretoria: Academica, 1975

P J Nienaber (et al) Die Afrikaanse Bybelvertaling, Kaapstad: Nassou, 1963, pp 10-11

P Nursey-Bray "Consensus and community: The theory of one-party democracy" in G Duncan (red), Cambridge: Cambridge University Press, 1983

D J Opperman Groot Verseboek, Kaapstad: Tafelberg, 1986

W O Oyugi (et al) (reds) Democratic Theory and Practice in Africa, Kenya: Heineman, 1988

C Pateman Participation and Democratic Theory, Cambridge: Cambridge University Press, 1970

S Pendlebury "Community, liberty and the practice of teaching" in Studies in Philosophy and Education, Vol 10, 1990.

D Rasmussen (red) Universalism vs. Communitarianism; Contemporary Debates in Ethics, Cambridge: The MIT Press, 1990

J Rawls A Theory of Justice, Massachusettes: Harvard University Press, 1976

B Rose (et al) (reds) Documents in South African Education, Johannesburg: Ad. Jonker Publisher, 1975

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

A Ryan (red) The Idea of Freedom, Oxford: Oxford University Press, 1979

M J Sandel Liberalism and the Limits of Justice, Cambridge: Cambridge University Press, 1982

G D Scholtz Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner 1929-1939, Deel IV, Johannesburg: Perskor, 1977

C Taylor Philosophical Essays, Vol. 2, Cambridge: Cambridge University Press, 1985

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za